

Bitterbessie Blues
BOEK EEN
'n Afrikaanse rom-com
deur Anna Emm

# BITTERBESSIE BLUES

*Bitterbessie Blues*-reeks

BOEK 1

deur

Anna Emm

Die *Bitterbessie Blues*-reeks is oorspronklik uitgegee as e-boeke tydens die nasionale lockdown in Suid-Afrika in 2020.

'n *Limited Edition* van slegs 100x stelle boekies is in 2020 deur die skrywer gedruk en versprei. TWEEDE DRUK Nukkerig (Pty) Ltd 2021. DERDE DRUK Raven Fiction (Pty) Ltd 2021.

Kopiereg © Anna M. van der Vyver / Anna Emm 2021

# VOORWOORD DEUR DIE SKRYWER

Nie almal weet dit nie, maar net voor lockdown in Maart 2020 is my besigheid, Anna Emm Uitgewers, gelikwideer. Die besigheidjie wat my hele lewe was, het ná 15 jaar sy laaste asem uitgeblaas en onder my hande gesterf. En toe gaan staan die wêreld stil en alles shut down.

Daar was een ding wat ek my lewe lank wou doen, net een, en dit was skryf. Die rede waarom ek Anna Emm Uitgewers in 2005 begin het, was om vir myself ‘n verskoning te skep om te skryf. Maar saam met die besigheid het soveel ander ongelooflike ervaringe gekom – dinge wat ek nooit eens geweet het ek sou geniet nie. Verhoudings, personeel, kantore, vergaderings, boekbekendstellings, skolebesoeke, winkels, opnames, onderhoude ... en die liefde van soveel mense wat die stories saam met my geniet het.

Die laaste drie jaar was daar egter min vreugde, en met elke terugslag en nuwe bloei, het dit moeiliker geraak om opgewonde te wees oor die besigheid wat eens op ‘n tyd soveel vreugde gegee het, en nou so ontsettend swaar geword het. Die littekens van die afgelope paar jaar se terugbaklei en die seer van stukkende verhoudings, skuld, retrenchments en kantore in bokse pak, sit diep in my vel. Dit gaan lank wees voor ek myself weer in die spieël sal kan kyk sonder om dit raak te sien. Indien ooit. Ek wens dit nie vir my grootste vyand toe nie.

Tydens lockdown het alles stil geword. Ek het weer snags na die stadsliggies sit en kyk. Ek het weer my koffie in die tuin in die son gaan sit en drink, gekyk hoe Robbeneiland en die berg en die see blink in die verte. En stadig maar seker het ek begin besef: Ek is nie die somtotaal van my mislukkings nie. Ek is nie gestrip tot net budgets en deadlines en legal dokumente nie.

*Wie is jy*? het God my oor en oor gevra. En elke keer het die antwoord dadelik gekom, iewers van onder die puin en rommel van die helse train smash waardeur ek so pas is: *Ek is skrywer.* En iewers onder al die rowe en die roet het daar ‘n ou hartklop begin surface. *Daar lewe nog iets*, het ek verbaas besef. En daardie lewe was Anna, die skrywer.

Tydens lockdown het ek weer, vir die eerste keer in 'n bitter lang tyd, opgewonde begin raak oor skryf. Ek wóú weer skryf, nie oor ek moes of oor daar preorders en deadines was nie, of rekeninge om te betaal nie, maar bloot oor my vingers begin jeuk het. Ek wou iets LEKKERS skryf. Iets wat my sou opcheer. Iets wat my sou laat onthou wie ek was voor ek ‘n besigheid probeer run en die afgrond in gestuur het, voor ek my eerste boek

gepubliseer het, voor ek ‘n pen kon vashou. Ek wou net my eie stem weer hoor sing, my lam bene weer voel dans.

En toe skryf ek *Bitterbessie Blues*, 'n storie oor ‘n skrywer wat vlug na die platteland om te gaan stil word en haarself te vind. En toe groei dit onder my vingers en word ‘n heerlike reeks vol lovable karakters, murder mysteries, romanse, intriges en ‘n baie spesiale soort koek genaamd Bitterbessie Blues. ‘n Sny van dié koek, beweer die mense, is die beste doepa vir enige hartseer.

Ek het die eerste boek gratis as e-boek beskikbaar gemaak einde Junie 2020, en daar was meer as 2000 downloads binne ‘n paar dae. Toe skryf ek nog. Boek 2 en 3 en 4 en 5. En soos ek skryf, word ek gesond. En soos ek skryf, raap julle, liewe lesers, dit op en julle lees en lees. En julle restore my geloof in myself met elke lees.

Op 'n dag sê ‘n vrou vir my, *Bitterbessie Blues* het haar deur lockdown gedra. Dit het haar weer vreudge gegee en iets om na uit te sien. En ek dink by myself: Ek het nooit eens gedink daaraan dat dit vir julle dieselfde sou kon doen nie. Ek het maar net myself probeer red.

En toe red julle my. Want die boeke verkoop en verkoop en verkoop. Duisende downloads elke maand word my eerste salarisse weer in drie jaar.

Ek weet nie hoe om dankie te sê nie. Dis bitter groot vir my. Die vreugde wat ek die afgelope 15 jaar die wêreld wou instuur met my stories, het op ‘n manier losgeraak van die sinkende skip, die mislukte besigheid, die stukkende drome, en terug geboemerang tot in my eie skoot. Ek voel oorweldig en tranerig. My lesers het ‘n laer om my getrek. Julle het my help onthou wie ek is, my herinner wat stories kan doen.

Oor jou wat nou hierdie boek vashou, bid ek God se seën. Seën op jou en jou gesin en op die werk van jou hande. Mag hierdie stories jou bless en aanhou bless, en mag dit jou nuwe energie en nuwe hoop gee vir jou eie drome.

Beauty will save the world, het iemand gesê.

Maar ek dink dit is stories.

- *Anna Emm* (2021)

# HOOFSTUK 1

Emily sien die man by die coffee shop inkom net toe die kelnerin die yslike sny koek en die koppie swart koffie voor haar neersit. Haar hart sak af in haar blink hoëhakskoene. Alles aan hom rúik sommer joernalis!

"Jy lyk bekend," sê die kelnerin geselserig, 'n mooi blondekop-meisie met 'n oop gesig. "Was jy al voorheen hier?"

Emily slaan haar baadjie se kraag op en vat-vat aan die modieuse pet op haar kop om seker te maak dat haar signature rooi hare steeds daaronder versteek is.

"Dis my eerste keer op Portwig," sê sy ontwykend.

Vyf ure se ompaaie ry down the drain, dink sy. Hoe het die koerante haar hiér gekry?

Die man staan nou nuuskierig in die coffee shop en rondkyk, en Emily skuif effens na links met die hoop dat die monsteragtige plastiekplant hier reg voor haar tafeltjie haar sal verbloem.

Sy verbeel haar sy herken daai stoppelbaard en aantreklike oë. Hy moet van een van die Kaapse publikasies wees. Miskien een van die hordes verslaggewers wat al voorheen 'n onderhoud met haar gedoen het – toe sy nog persoonlike onderhoude toegestaan het...

"My naam is Ansie," sê die kelnerin en steek haar hand uit.

"Emily de... Emily Landman."

Die meisie trek haar oë op skrefies. "Jy is nie dalk van Riversdal nie? Ek speel naweke daar netbal. Dalk het ek jou dáár gesien."

"Ek is van die Kaap."

Emily kyk oor haar skouer. Sy wonder of dié plek 'n agterdeur het...

Babbelkous het nou die ronde skinkbord onder haar arm en sy gaan een stryk voort. "As jy 'n plek soek om te bly, is my tannie, Bessie Basson, se gastehuis 'n entjie af in die straat. Sy het die plek laasjaar laat oordoen. Dis baie smart en die outjie wat daar werk, Waldo, is 'n vriend van my..."

Toe die man skielik in hulle rigting kyk, sink Emily dieper in haar stoel af en lig haar hand teen die kant van haar gesig.

"Ek dink ek gaan die koek en koffie as take-aways neem," sê sy vinnig.

Babbelkous frons. “O, jammer...” stamel sy. “Ek het gehoor jy sê 'sit down'.”

“Iets het voorgeval. Ek moet ry, en ek wil nie uitmis op hierdie… Wat het jy nou weer gesê is dit?” Sy kyk na die dik sny perskleurige koek met die romerige blou versiersuiker. Dié koek sal verseker al Amelia de Milander se buttons push, en dis een van die hoofredes waarom Emily dit bestel het vir middagete. Haar ma is nie nou hier om haar oor die vingers te tik nie.

“Dis ons Bitterbessie Blues-koek,” sê Babbelkous trots. “Dis nie regtig bitter nie. Dis net die naam. Dit kom van die liedjie – *Bitterbessie Dagbreek*.”

“Dis 'n gedig,” sê Emily, “deur Ingrid Jonker.” Uit die hoek van haar oog kan sy sien hoe die koerantman sitplek inneem by 'n tafeltjie naby die deur. Hy is sag op die oog, vir 'n joernalis, en sy sien hoe die kelnerinnetjies agter die toonbank giggel toe hy een van hulle naderwink.

Wat is dit met vroumense en 'n mooi man? Vir al wat hulle weet, kan dit Jack the Ripper wees wat so pas hier ingestap het! Maar omdat hy 'n sterk kakebeen, breë skouers en 'n bietjie lengte het, dis hulle hulself op 'n skinkbordjie vir hom op.

Intussen gesels Babbelkous voort.

“*Bitterbessie Dagbreek* gaan oor 'n meisie wie se boyfriend haar gelos het, en glo my, dié koek is die heel beste ding in die hele wêreld vir heartache! Almal sweer daarby. En ék sal weet. Dit was my saving grace na my laaste drie boyfriends!”

Emily tel haar handsak op en grawe vir haar sonbril. Dis net 'n kwessie van tyd voor daai vent haar agter hierdie plastiekplant raaksien. Sy moet spore maak.

Demmit. En sy was só versigtig. Sy het al die buitepaaie gevat, heeltyd in haar truspieëltjie gekyk. Waar het hy nou so vinnig vandaan gekom?

“Luister, Ansie, ek moet gaan,” sê sy. “So, as jy dalk net die rekening...”

“O, jammer!” Die meisie spring op aandag. “Ek bring!” Sy vlieg om en maak spore kombuis toe. Emily verskuif weer haar blik terug na die koerantman anderkant die plastiekblare. Sy sug en tik met haar lang, rooi vingernael op die tafelblad.

Portwig was die één plekkie waar sy seker was niemand haar sou kom soek nie. As sy nie eens hiér in die middel van nêrens vir 'n paar dae kan wegkruip nie, waar dan?

Dit voel sommer asof 'n donker wolk voor die son ingeskuif het.

Sy het 'n breek só nodig. Die afgelope drie weke kon sy voel hoe sy nader aan waansin

dryf. Haar ma se alewige gekarring oor wat sy aantrek en wat sy eet, haar agente wat tydig en ontydig haar skryfproses onderbreek, en die harassment van oorywerige joernaliste wat in haar kop wil rondgrawe en die waarheid oor haar lewe verdraai... Ás 'n mens die dae wat sy deesdae verwyl, vasgekluister in haar ouers se massiewe herehuis agter hoë mure, enigsins 'n lewe kan noem...

Wat het van daardie student geword wat soos 'n besetene tot in die vroeë oggendure in haar sweetpakbroek op haar bed gesit en skryf het? Net vir die genot daarvan?

Ná die sukses van haar eerste twee boeke, het die uitgewers se skedule net al meer demanding geword. Twee boeke het vier geword. Vier, agt. Sy ryg hulle uit soos 'n worsmasjien! En as sy nie deadlines jaag nie, moet sy boekbesprekings en onderhoude doen, produksie-vergaderings bywoon. Daar is skaars tyd om te dink oor wát sy skryf, solank sy net woorde op papier kry.

Wat maak dit tog in elk geval saak wat sy skryf? Dis haar náám wat verkoop, lankal nie meer die kwaliteit van haar skryfwerk nie. Haar lesers koop hook, line and sinker in op die media se weergawe van haar: Die misterieuse Kim Kardashian van die literêre wêreld wat uithang saam met die rich and famous. Die perfek-grimeerde rooikop-poppie wat skryf oor bloed en moord en doodslag.

Haar eerste boek, wat sy as vaal studentjie geskryf het as 'n interessante murder mystery, het in 'n Frankenstein van kommersiële bog ontaard. Oppervlakkige storielyne, stereotipe karakters, die een ongeloofwaardige, grusame moordtoneel ná die ander. En die publiek vreet dit op! Die uitgewers soek net nog en nog. Met elke topverkoper bly daar minder en minder van daardie oorspronklike idee oor, al minder van háár.

Sy moes wegkom van al die lawaai. Sy moes net iewers kom stil word, haar eie stem weer hoor.

En nou het die blerrie koerante haar sowaar tot hier aan die gatkant van nêrens agtervolg! As daai man vandag 'n foto kry, is dit net 'n kwessie van tyd voor haar agente twee lyfwagte stuur om haar aan haar hare te kom terugsleep stad toe. En sy weet wat dáár vir haar wag. Haar ma se histeriese verwyte en 'n deadline vir 'n manuskrip wat al halfpad moes gewees het en waarmee sy nog nie begin het nie.

Nee, sy kan nie teruggaan nie. Dan aanry? Kyk of daar nóg 'n klein dorpie is wat nie op 'n kaart aangeteken is nie waar sy kan wegkruip.

Ansie aka Babbelkous kom sit 'n bruin boksie en die take-away cup voor haar neer. “Jy kan sommer daar voor gaan betaal,” sê sy en wys na die betaaltoonbank, skaars 'n halwe

meter van waar die koerantman nou aan sy koffie sit en sluk.

“Um … jy kan nie dalk vir my die masjientjie bring nie?”

Die meisie volg haar blik. “Ken jy daai man?” frons sy. “Pla hy jou?”

Emily kyk vinnig op. “Nee … ek...”

“Want as jy wil, kan ek hom vir jou distract terwyl jy betaal.” Sy glimlag slinks. “As 'n mens vyf jaar lank ge-waitress het op 'n klein plekkie soos dié, ken jy al die tekens. Laat ek raai, 'n abusive ex-boyfriend?”

Emily maak haar mond oop om die koerantman se reputasie te verdedig, maar bedink haarself dan skielik. “As jy sê distract … wat presies bedoel jy?”

# HOOFSTUK 2

It turns out, Ansie se 'distraction technique' is die ou oeps-daar-gooi-ek-jou-koffie-oor-jou-uit-tegniek.

Terwyl Ansie met oordrewe verskonings aan die koerantman 'n ander kelnerin nadergeroep het om die gemors op die tafeltjie te kom opvee, het Emily ongesiens, sonbril voor haar oë, agter die plastiekplant uitgeglip. En terwyl sy vinnig betaal het, het Ansie die man se uitsig vierkantig versper en onophoudelik gepraat.

Ná skaars sestig sekondes, bevind Emily haarself nou buite op die sypaadjie in die sonlig, die take-away koffie in die een hand en die boksie met die berugte Bitterbessie Blues-koek in die ander.

Sy sluit die deur van haar geel Mini Cooper haastig oop en klim in. Sy druk die koffie in die cup holder en gooi haar handsak en die boksie koek op die passasiersitplek. Sy slaak 'n sug van verligting toe sy wegtrek uit die parkeerplek voordat die coffee shop se deur 'n tweede keer kan oopgaan.

Hoeveel tyd sy het, weet sy nie, maar sy moet spore maak uit Portwig.

Dis 'n jammerte, dink sy terwyl sy deur die dorpie ry, want dit lyk na die perfekte plek vir 'n bruised and abused skrywer om weer haar mojo te vind.

Portwig is skaars meer as 'n hoofstraat, maar wát 'n hoofstraat. Dit word aan weerskante gevleuel met 'n rits interessante winkeltjies wat motoriste tempteer om stil te

hou en hulle ware van nader te kom bekyk. Skilderye met natuurtonele en naakte vroue is voor die kunsgalery in die son uitgestal. Voor die klerewinkeltjie is 'n reling met maxi dresses en serpe wat draai in die briesie. Daar is craft shops, juweliers, tuisnywerhede, 'n kwekery en … 'n boekwinkel.

Emily lig instinktief haar voet van die petrolpedaal. Sy laat sak haar sonbril om beter te kan sien. Rye en rye boeke staan op die stoep uitgepak, en teen die voorste muur van die winkeltjie is 'n groot bord wat in rooi blokletters sê: PORTWIG BOOK EXCHANGE.

Ry net.

Maar sy't reeds in haar truspieëltjie gekyk en vasgestel dat die coast nog clear is, en voordat Emily haarself kan kry, het sy die Mini in 'n systraatjie geparkeer. Met 'n vinnige blik in die hoofstraat af, draf sy om die hoek na die boekwinkel se ingang en dan op by die trappies. Haar hart klop in haar keel en haar asem jaag effens toe sy op die stoep staan en haar oë gretig oor die boeke laat gly.

Ruth Rendell … James Patterson … John Grisham … Catherine Cookson... Sy trek haar asem in. Agatha Christie!

Emily trek die sagtebandboek met sy vergeelde bladsye uit die rak en bekyk die voorblad met 'n bekende opwinding in haar lyf. "*The Hollow*", fluister sy.

"Kan ek help?" vra 'n stem agter haar, en sy wip. Dis 'n ou man met 'n kierie en 'n induik-glimlag. Sy oë lyk soos pierings agter sy dikraambril. Hy herinner haar aan Geppetto in *Pinocchio*.

"O, dankie," stamel sy en sit die boek terug. "Ek kyk net."

Geppetto beduie met sy kierie na die deur. "Ons het nóg Agatha Christies in die eerste vertrek links, as jy wil kom kyk."

Emily huiwer. Sy moet ry. "Dalk net vinnig," sê sy.

Binne ruik dit na stof en ou papier, daardie universele bóékreuk wat lesers reg oor die wêreld se harte vinniger laat klop. Sy kry die Agatha Christies in die rak onder die venster, en voor sy haarself kan kry, het sy vyf van hulle in haar arms.

Geppetto verskyn weer in die deur. "Kan ek daardie solank vir jou in 'n sakkie gaan sit?" vra hy en hou sy bewerige hand na die boeke uit.

"Dankie." Emily kom orent en oorhandig die boeke. Sy glimlag verleë.

"Ek is 'n Christie fan."

“Ek sien so,” glimlag hy. Sy oë som haar op van agter die dik glase. “Jy is Emily de Milander. Ek dag jy lyk bekend.”

Emily huiwer. Dan sit sy haar vinger voor haar lippe. “Ek is veronderstel om under cover te wees,” glimlag sy en beduie na die pet op haar kop.

Hy glimlag terug. “Geheime is veilig by my, juffrou de Milander. Hierdie ou man is die diskresie self. Ek hou my blind en doof, en die mense glo my.” Hy lig die boeke. “Ek lui solank hierdie vir jou op. Vat jou tyd.”

“Dankie.” Sy kyk hom agterna en draai dan terug na die rak, maar net toe sy wil hurk om verder deur die titels te kyk, vang haar oog 'n beweging anderkant die venters. Dis die koerantman! Hy kom aangestap oor die straat in die rigting van die boekwinkel! Hy moes haar kar in die systraatjie gesien het, twee en twee bymekaar gesit het, en nou is sy vasgekeer hier!

Behalwe as die plek 'n agterdeur het.

Sy glip haastig by die vertrek uit en kry vir Geppetto agter die toonbank, besig om haar boeke in 'n sakkie te sit.

“Luister … um, hier is iemand hier voor in die straat wat ek probeer vermy.” Sy glimlag liefies. “Die plek het nie dalk 'n agterdeur nie, het dit?”

Vir 'n oomblik lyk hy effens uit die veld geslaan, maar dan knik hy en beduie met sy kop. “Laaste kamer na regs. Dis gesluit, maar die sleutel sit in die slot.”

Hy oorhandig die sakkie. “On the house vir die bekende skrywer!”

“O … nee, ek kan nie,” protesteer Emily en grawe in haar beursie. Daar's nie tyd vir kredietkaarte nie. Gelukkig het sy kontant getrek voor sy uit die Kaap weg is. Sy haal twee honderdrandnote uit. “Tweehonderd oukei?” vra sy.

Geppetto skud sy kop beslis. “Te veel! Wag, ek kyk gou of ek kleingeld het.” Hy maak die geldlaai oop en begin pynlik stadig deur die los note soek. Daar is voetstappe voor op die stoeptrappies.

“Asseblief,” sê Emily haastig en druk die geld in sy hand. “Ek moet gaan. Vat dit. Ek soek nie kleingeld nie.” Sy glimlag pleitend en kies dan koers af in die gang voor die ou man nóg iets kan sê.

“Ek gee vir jou krediet!” roep hy agter haar aan. “Vir wanneer jy weer kom!”

Sy waai net vir hom en glip dan in by die laaste kamer na regs, net mooi toe die

koerantman op die stoep voor die deur verskyn. Sy hoor hoe Geppetto hom groet en bid stilweg dat die ou man sy woord gestand sal doen en nie sal uitlap dat sy so pas hier was nie.

Daar is niemand in die agterste kamer nie. Sy sluit die agterdeur saggies oop en glip dan uit. Sy trek die deur weer saggies agter haar toe.

Terwyl sy koers kies deur die agterplasie, wonder sy of sy die deur eerder van buite moes gesluit en die sleutel onderdeur gestoot het. Sê nou die ou man vergeet dat die ding oop is? Maar dis nou te laat. Daar is nie tyd vir teruggaan nie.

Sy klouter oor die lae muurtjie en kyk op en af in die straat.

Sy het haar misreken met die rigting, besef sy nou. Die Mini staan in die systraatjie aan die ánderkant van die blok geparkeer. Om nou al die pad terug te loop terwyl die koerantman enige oomblik sy opwagting kan maak, is te risky. Sy moet iewers skuil tot sy seker is die coast is clear.

Voor haar is 'n groot outydse huis agter 'n verwaarloosde klipmuur. Die plek lyk verlate, maar daar is 'n tuinier besig om gras te hark onder die hoë wilgerbome.

“Verskoon my!” roep Emily uit en loop na die oop tuinhekkie toe.

Die man kyk op. Hy moet in sy middel-vyftigs wees. Hy lyk moeg.

“Sal jy omgee as ek vir 'n rukkie hier in die tuin wag?” vra sy. En aangesien die waarheid so suksesvol was op die man in die boekwinkel, sien sy g'n rede om dit nie weer te probeer nie. “Daar's iemand op my spoor wat ek probeer vermy. Kan ek hier wag totdat hy weg is?”

“Jy moenie hier inkom nie, dame,” keer hy.

Sy steek vas en glimlag gerusstellend. “Ek wil nie pla nie. Ek wil net...”

“Welkom, hartjie! Kom in!” roep 'n vrouestem.

Emily kyk op en sien 'n middeljarige vrou met 'n voorskoot om haar lyf op die stoep staan. Haar grys hare is in 'n bolla in haar nek vasgemaak. Sy waai vrolik en roep weer: “Welkom by die Portwig Manor! Kom gerus in!”

“Ek wil nie pla nie!” roep Emily terug. “Ek het net gewonder...” Iewers agter haar hoor sy 'n buitedeur oopgaan.

“Jy pla nie, hartjie!” glimlag die vrou. “Kom binne, dan wys ek jou 'n bietjie rond. Die plek is effens verwaarloos, maar as jy die stukkende vloerplanke mistrap, sal jy veilig wees.

Kom, die water het nou net gekook vir koffie!”

Daar is nou voetstappe oorkant die straat, maar Emily durf nie omkyk nie. “Dankie, dit sal lekker wees,” knik sy en loop vinnig onder die wilgerbome se lang oorhangtakke in.

Toe sy op die stoep kom en terugkyk, is die tuinier weg en die straat voor die gebou is stil. Sy glo nie die koerantman het haar hier sien inkom nie.

“Jy lyk vir my soos iemand wat kwaliteit verblyf teen 'n billike prys soek,” sê die vrou. “En dis presies wat ek het! Vir hoe lank het jy gedink om in te boek, hartjie?”

Emily steek vas. “O … nee, ek is nie hier om...” Haar protes bly in die lug hang toe twee en twee meteens vier maak. “Dis die gastehuis hierdie! Ansie het my vertel van die plek. En jy is Tannie … Tannie...”

Wat het Babbelkous nou weer gesê is haar tannie se naam?

“Ag noem my sommer Madel, hartjie,” glimlag die vrou en sit haar arm om Emily se skouers. “Madel Barnard, aangename kennis.”

# HOOFSTUK 3

Die sitkamer waarin hulle nou staan, ruik muwwerig. Die houtvloere is dof, die gordyne verbleik, en die muurpapier skilfer af. Emily sien geen teken van die opknappingswerk waarvan Ansie gepraat het nie.

Madel gee vir haar 'n koppie koffie aan. “Die Portwig Manor is beslis vir die fynproewer-reisiger!” sê sy trots. “En ek kan sommer sien dat jý iemand is vir die fynere dinge in die lewe.”

“Baie dankie,” glimlag Emily, “maar ek is nie van plan om te bly nie.”

“Wat van ek gaan wys vir jou ons kamers?” sê Madel vinnig.

Koffie in die hand, volg Emily haar deur die portaal en op met die trappe terwyl die ouer vrou die 'fynere dinge' oral uitwys. Daar is fynere dinge wat Madel egter verkies om mis te kyk, soos die spinnerakke tussen die traprelings en die lagies stof op die skilderye en portrette teen die muur.

Maar toe hulle die bopunt van die trap bereik en die ouer vrou 'n kamerdeur oopstoot, is Emily eerlikwaar verbaas.

Die kamer is ruim, met French doors wat uitgaan op 'n sonnige balkonnetjie. Vir 'n oomblik kan sy haarself op daardie balkonnetjie sien sit met haar laptop op haar skoot, en 'n langverlore opwinding kriewel in haar binnekant...

Daar is 'n dubbelbed, 'n kas en 'n lessenaartjie, en wonder bo wonder geen spinnerakke óf stof nie. In die en suite-badkamer is 'n bad op pootjies, 'n wasbakkie en 'n toilet. Alles ook skoon.

"Hier is agt sulke kamers," sê Madel. "Portwig Manor het die mees bekostigbare verblyf in die distrik. Waar gaan jy so 'n kamer kry vir net R250 'n nag?"

Emily kyk verbaas na haar. "R250 'n nag?"

"Ontbyt ingesluit." Madel knipoog.

Wat kan sy verloor deur één nag oor te bly? wonder Emily. Sy sal onder 'n vals naam inboek en môre vroeg in die pad val. Daai koerantman sal tog sekerlik nie hiér aan haar deur kom klop nie? En dit ís reg oorkant die boekwinkel as sy later nog 'n paar Agatha Christies wil gaan uitsnuffel in ruil vir haar krediet.

Sy kan dan sommer seker maak die ou man sluit daai agterdeur.

"Daar is dalk net een ding wat ek moet noem..." sê Madel huiwerig. "Hier is nie selfoon-opvangs nie."

'n Glimlag kruip stadig oor Emily se gesig. "Madel, ek dink jy kan my inboek."

*

Nadat 'Emily Landman' by die Portwig Manor ingeboek het, stap sy om die Mini te gaan haal. Daar is geen teken van die koerantman nie, maar sy bly omkyk-omkyk loop tot waar die geel karretjie nog in die systraat geparkeer staan.

Op pad terug stop sy by 'n kafee in die hoofstraat. Die voorraad op die rakke is beperk, maar sy kry 'n pak Provitas en 'n potjie Bovril. Sy neem ook 'n blikkie koffie en vars melk. Sy is nie seker of die Portwig Manor aan haar koffie-verslawing sal kan voldoen nie.

Haar oog val op 'n stapel skryfblokke. Sy tel een op. Geel papier, haar gunsteling, met rye skoon lyntjies wat haar vingers laat kriewel. Sy voeg twee van die skryfblokke en 'n paar penne by die goed op die toonbank. Dan vat sy ook 'n koerant en haal haar kredietkaart uit om te betaal.

"Jy's terug!" sê 'n stem in die deur. Dis Ansie aka Babbelkous.

"Was toe nooit weg nie," glimlag Emily. "Ek het jou advies gevat en by jou tannie se

gastehuis ingeboek."

Die meisie se oë rek. "Regtig? Dis great! Ek het nou net die nodige bestanddele vir die Bitterbessie Blues-koek daar by haar gaan afgee. Sy kan nie voorbly met die bak nie... Ek wonder hoekom tannie Bessie niks gesê het nie?"

"O, sy was nie daar toe ek ingeboek het. Net Madel en die tuinier was daar."

Die uitdrukking op Ansie se gesig verander.

"Madel Barnard?"

Emily knik.

Die meisie se oë rek. "Praat jy van die Portwig Manor?"

"Dis reg, jou tannie se..." Emily frons. "Wat's fout?"

"Um … Die Portwig Manor is nie my tannie se gastehuis nie, Emily. Dis die dorp se ou hotel. Daar was jare laas enige gaste. Die plek is 'n dump."

Emily is nou effens verward. "O... Ek is jammer, ek het gedink dis jou tannie se plek." Sy glimlag. "Maar hulle is beslis oop, en die kamer lyk nie te sleg nie."

Sy sien hoe Ansie en die man agter die toonbank vinnig na mekaar loer.

"Is daar iets wat julle nie vir my sê nie?" vra sy.

Ansie skud haar kop. "Daar loop stories, dis al."

"Watse stories?"

"Sommer small town gossip. Ek sou my nie daaraan steur nie."

"Ek love small town gossip," sê Emily, nou geïnteresseerd. "Vertél."

Ansie huiwer. Dan sug sy. "Daar is mense wat sê dit spook in die Manor."

*

Dis later as wat sy gedink het toe sy terugkom in haar kamer. Sy eet 'n paar Provitas en maak vir haarself 'n beker koffie. Terwyl sy die koffie drink, trek sy die koerant nader. Sy het 'n suspisie, maar sy wil seker maak.

Haar oë soek oor die berigte terwyl sy blaai, en dan... Daar, op bladsy 11, is 'n foto van die koerantman!

*Knox Wesley, Ondersoekende Joernalis. Woonagtig in Kaapstad.*

A-ha! Sy het dit geweet! Hy ís op haar spoor!

Sy bekyk die swart en wit fototjie langs sy nuutste rubriek en besef dat sy die foto al op 'n paar plekke gesien het. Knox Wesley is 'n gesoute joernalis, nie sommer 'n newbie nie. En hy ís aantreklik, selfs met daardie aangeplakte swart en wit glimlag.

Emily snork verontwaardig en smyt die koerant neer. Sy wonder hoe hy haar opgespoor het. Hy kan seker nie wag om die publiek mee te deel dat die bekende skrywer, Emily de Milander, op die platteland wegkruip nie!

Sy sal seker vir Madel moet gaan soek en haar 'n heads-up gee dat 'n opdringerige joernalis dalk hier mag kom rondsnuffel. Sy is seker sy sal haar kan oorreed om diskreet te wees. Miskien moet sy dan sommer oorstap na die boekwinkel en gaan seker maak Geppetto het onthou om daardie deur te sluit, voor sy vergeet.

Toe Emily die kamerdeur agter haar toetrek en omdraai, loop sy vas in Madel wat so pas by die oorkantste kamerdeur uitgekom het, 'n bondel handdoeke onder die arm.

“Hoe laat jy my nou skrik!” lag sy. “Ek het net gou skoon handdoeke kom regsit vir ons nuwe gas.” Sy frons. “Is alles oukei, hartjie? Waarheen is jy so haastig op pad?”

“Ek wil gou oordraf na die boekwinkel,” sê Emily. “Die man wat daar werk, het my vanmiddag by die agterdeur laat uitgaan en ek het dit nie weer gesluit nie. So, ek wil net gaan seker maak hy onthou daarvan, anders staan dit oop.” Sy huiwer. “En dan het ek gewonder of ons dalk gou kan praat? Daar is iets wat...”

Emily bly vinnig stil toe iemand by die trap opkom. Maar toe sy sien wie dit is, rek haar oë en trek sy haar asem geskok in.

“Jý!”

Die aantreklike mondhoeke krul, die groen oë blink geamuseerd, verbaas.

“Emily de Milander, as ek dit nie mis het nie?” Hy steek sy hand uit. “Knox Wesley.”

Sy klap sy hand weg. “Ek weet wie jy is, meneer Wesley! En ek weet wat jy hier soek. Ek het niks vir jou te sê nie, so jy kan ophou om my te agtervolg!”

Die glimlag verbreed en dan bars hy uit van die lag. “Wag... Wát?”

Madel, wat die vreemde gesprek probeer volg, besluit om tussenbeide te tree.

“Ek het nie besef julle het reeds ontmoet nie!” sê sy. “Hoe toevallig!”

Hulle ignoreer haar.

“Hoekom op aarde sal ek jou wil agtervolg?” sê Knox. “Ek is hier om 'n storie te doen

oor ou geboue, en die eienaar van die boekwinkel het my vertel van dié hotel. Ek het besluit om in te boek en 'n bietjie rond te kyk."

"En jy is baie welkom!" glimlag Madel breed. "Dis 'n groot eer en..."

"Jy dink seker ek is stupid." Emily gluur hom aan.

"Allermins. Ek is 'n groot aanhanger. Jou eerste boek destyds was briljant. Maar ek moet bieg, ek het als wat jy daarna geskryf het, gretig gelees op soek na 'n soortgelyke ervaring, en ongelukkig kon ek dit nie kry nie."

Emily wil stik van verontwaardiging. Sy maak haar mond oop om hom iets toe te snou, maar Madel spring haar voor.

"Meneer Wesley hier is 'n beroemde joernalis, juffrou Landman! Het jy dit geweet? Ons het sowaar 'n celebrity in ons midde!"

Knox wenkbroue lig. "Juffrou Lándman?"

Madel kyk verward van die een na die ander. "O, jammer, ek dag julle twee is voorgestel! Dis Emily Landman, meneer Wesley. Sy is 'n... Wat is dit nou weer wat jy doen, hartjie?"

Knox kyk na haar en nou blink sy oë ondeund. "Ja, wat presies is dit wat jy doen, juffrou Lándman?"

"Ek … skryf," mompel sy en gluur hom aan. "Ek is 'n skrywer."

"Hoe wonderlik!" roep Madel uit en slaan haar hande saam. "Ek is seker meneer Wesley hier sal nie omgee om jou 'n paar tips te gee nie."

## HOOFSTUK 4

Vyf minute later storm Emily rooiwarm by haar kamer in. Wie dink hy is hy? Dink hy regtig sy is só dom dat sy nie weet hy is hier vir háár nie, dat hy haar uit die Kaap agtervolg het en heel moontlik reeds haar uitgewers laat weet het waar sy is?

Sy gaan sit op die bed. Wat doen sy nou? Sal sy oppak en ry?

Sy sien die bruin boksie onder haar handsak uitsteek en trek dit nader. By gebrek aan 'n vurk, breek sy sommer 'n stuk van die versiersuiker-besmeerde koek af en prop dit in haar mond. Dis ongelooflik soet, maar met die tweede hap raak haar smaakkliere dit

gewoond. En teen die tyd dat sy die hele sny Bitterbessie Blues-koek opgevreet het, voel sy beter.

Knox Wesley kan in sy maai loop vlieg. Sy gaan haar nie laat intimideer nie. Sy was eerste hier en as iemand moet ry, is dit hý. En as hy dit net durf waag om enigiets te skryf oor haar, dan sal sy hom dagvaar vir elke laaste sent van sy armsalige joernalis-salarissie.

Sy lek die blou versiersuiker van haar vingerpunte af, en lê met 'n tevrede sug terug op die bed. Maar haar gestel is duidelik nie gewoond aan die tipe suiker in die Bitterbessie Blues-koek nie. Dis nie lank nie, of sy sluimer in.

Sy skrik met 'n ruk wakker toe die skoot voor in die straat klap.

Vir 'n oomblik sit Emily verward op die bed, haar hartklop woes in haar ore. Hoe laat is dit? Hoe lank het sy geslaap? Die kamer is skemer en die knal van die harde slag weergalm steeds in haar ore.

Dit kon seker 'n motor gewees het wat backfire...?

Met bewerige bene gaan sy na die deur en loer uit in die gang. Alles is stil. Daar is geen teken van Meneer Beroemde Joernalis óf sy fan club nie. Sy glip uit en gaan vinnig by die trappe af. Die voorportaal is ook verlate. Daar brand 'n lamp in die sitkamer. Daar is niemand by die ontvangstoonbank nie en die voordeur staan oop.

Sy stap uit op die stoep. Op die sypaadjie voor die Manor staan 'n man in drafklere en tekkies.

“Het jy daardie slag gehoor?” roep Emily na hom terwyl sy haastig in die tuinpaadjie afgestap kom.

Die man kyk grootoog na haar en knik dan. Hy lyk jonk. En verskrik.

“Dit het geklink of dit van dáár af kom,” sê hy uitasem en beduie na die book exchange oorkant die straat. “Ek het die slag gehoor toe ek om die hoek kom. Ek het my gat afgeskrik en hierheen gehol, want ek het gedink as iemand aan die skiet is, kan ek hier agter die muur induik. Maar dit was net die een slag.”

Emily luister nie regtig nie. “Wag hier,” sê sy. “Ek sal gaan kyk of ek kan sien wat dit was.”

Sy draf oor die pad en gaan om die hoek na die boekwinkel se voordeur, maar dis gesluit en die traliehek reeds toegetrek.

“Is alles oukei hier?” vra iemand agter haar. 'n Vrou met 'n bos geel krulhare staan op

die sypaadjie. “Wat was daardie slag?”

“Dis wat ek probeer uitvind. Hi, ek is Emily.” Sy loop nader.

“Bessie,” sê die vrou. “Ek besit Appelliefie Gastehuis 'n entjie af in die straat.”

“Jy moet tannie Bessie wees!” snap Emily. “Ek het vir Ansie vroeër in die coffee shop ontmoet. Aangename kennis. Ek is jammer, ek...”

“Jammer? Waaroor?”

Emily bedink haarself. Dalk is dit nie nou 'n goeie tyd om te noem dat sy die vrou se kompetisie op die dorp per ongeluk ondersteun het nie.

“Um … dat ons nou só moet ontmoet,” sê sy vinnig.

Die vrou knik, dan loer sy bekommerd na die geboutjie agter Emily. “Ek hoop alles is oukei,” sê sy bekommerd.

Die hoofstraat is leeg en verlate. Daar is niemand naby nie. “Kom ons gaan kyk of die agterdeur oop is,” stel Emily voor.

Hulle loop terug om die hoek en klim oor die lae muurtjie tot in die agterplaas. Die drawwer is nie meer voor die hotel nie, let Emily op. So much vir waghou...

Toe hulle naderkom, steek Emily skielik vas. Die agterdeur, wat oomblikke vantevore nog toe was, staan nou wawyd oop.

“Wat is dit?” vra Bessie.

“Daai deur was toe,” sê Emily. Sy huiwer. Sowat 'n meter van haar af lê 'n gebreekte tak onder die boom. Sy buk en tel dit op. Met die tak stewig in haar hande, bekruip sy die oop agterdeur met Bessie kort op haar hakke.

Hulle loer by die deur in. Dis donker binne, en stil.

“Hallo?” roep Emily saggies. Sy voel teen die muur vir 'n ligskakelaar, maar daar is niks.

“Hier,” sê Bessie en oorhandig haar selfoon. Sy het die flashlight aangesit.

Emily skyn dit deur die vertrek en onmiddellik word haar bloed yskoud. Hier het beslis iets gebeur. Boeke lê uitgegooi oor die vloer en 'n paar van die rakke is omgekeer. Sy loer na Bessie. “Bel die polisie,” sê sy en gee die foon terug. Dan lig sy weer die tak en tree by die deur in. “Ek gaan kyk of ek iets kan sien.”

“Dink jy dis 'n goeie idee?” vra Bessie saggies agter haar. “Moet ons nie liewer vir die polisie wag nie?”

“Dalk het iemand hulp nodig,” fluister Emily terug.

Met die tak voor haar gelig, klim sy versigtig oor die boeke wat sy net-net op die vloer kan uitmaak. Dis ligter in die gang, want die straatligte skyn deur die vensters in die voorste vertrekke, maar ook hier lê die boeke gesaai. Sy gaan staan en lig haar voet om oor 'n paar boeke te trap, en dan hoor sy dit duidelik in die stilte.

Iewers in een van die voorste vertrekke kraak 'n vloerplank.

“Hallo?” roep sy weer. “Iemand hier?”

Daar is geen antwoord nie.

Stadig beweeg Emily weer deur die gang. Sy loer by die vertrekke in. Oral lê boeke uitgegooi oor die vloer. Wat op aarde het hier gebeur?

'n Vloerplank kraak skielik hard hier reg agter haar. Instinktief vlieg sy om en swaai woes met die tak. Dit tref iets. Daar is 'n gedempte kreet van verbasing en iemand wat struikel.

“Wat de hel dink jy doen jy?!” vra 'n bekende stem.

“Wie's...?” Emily frons, adrenalien wat jaag deur haar are. “Knox Wesley?! Is dit jy?” Verligting spoel oor haar, maar dan wantroue. “Wat maak jy hier?”

“Ek het 'n skoot gehoor,” sê hy en kom kreunend orent. Hy vryf aan sy skouer. “Ek moet seker bly wees jy kan nie mik nie... Wat het jy daar? 'n Knuppel?”

“Ja, en ek sal dit weer gebruik as jy iets funny probeer!” Sy verstewig haar greep om die tak.

“Down, Cowboy,” chuckle hy en druk die tak opsy. “Ek is aan jou kant.”

“Hoe het jy hier ingekom?”

“Dieselfde as jy, skat ek. Die agterdeur was nie gesluit nie. Ek het 'n skoot gehoor en ingekom. Ek was besig om te soek na 'n ligskakelaar toe ek jou hoor inkom.”

Sy gluur hom aan. “Vir wat antwoord jy nie toe ek vra of hier iemand is nie?” vra sy toe maar in haar mees geïrriteerde stemtoon. “Ek kon jou doodgeslaan het!”

Hy chuckle. “I don't think so.”

Iewers in die voorste vertrek klap iets meteens en Emily wip van die skrik. Sy spring agtertoe, vas teen Knox se bors. Sy het nie besef hy staan so naby nie. Sy voel die hitte van sy lyf en ruik hoe lekker hy ruik, en sy spring net so vinnig weer weg. Sy voel hoe haar wange warm word en vervies haar sommer vir haarself.

“Sorry...” mompel sy, dankbaar vir die skemer in die gang. Om te bloos soos 'n tamatie is een van die vele drawbacks wat saam met haar vlamrooi hare kom.

“Ek dink dis net 'n venster wat geklap het,” sê hy. “Ek sal gaan kyk. Bly jy hier.”

“In your dreams, Captain America,” mompel sy, en sy volg hom terug deur die gang na die voorste vertrek, die tak weer langs haar gelig.

Die voorste vertrek waar sy vroeër vandag die Agatha Christies gekry het, se gordyntjies lig in die wind, want die venster staan op 'n skreef oop. Ook hier lê boeke uitgegooi oor die vloer. Meteens trek die wind terug en die venster kap hard in die stilte.

“Sien,” sê Knox. “Net die wind.”

Emily draai om, en dan verstar sy. “Um … Knox...”

Hy kyk waar sy wys en dan vries hy ook. Emily is die eerste om in beweging te hom. Sy laat val die stok in haar hande, tree vorentoe en hurk by die figuur wat met sy rug na hulle lê. Sy raak liggies aan die man se arm en hy rol om. Sy trek haar asem vinnig in. Dis Geppetto. Daar is 'n donker kol op sy ligte hemp, sy bril lê stukkend langs hom op die grond en sy oë staar verby haar. Die induik-mond gaap oop.

## HOOFSTUK 5

“Meneer Wesley en juffrou Landman, vertel weer vir ons wat die twee van julle vanaand hier kom maak het?” vra die polisieman, kaptein Nortje, toe hulle 'n uur later op die boekwinkel se stoep staan en kyk hoe die liggaam van die eienaar in die ambulans gelaai word. Oorkant die straat drom nuuskieriges nou saam. Drie ander polisiemanne keer dat hulle naderkom.

“Ek het 'n skoot gehoor,” sê Emily. “Ek het toe nog nie geweet dat dit wél 'n skoot was nie, en ek wou kom ondersoek instel. Die agterdeur was oop. Wel, nie die éérste keer nie...”

“Die eerste keer?” Kaptein Nortje se wenkbroue lig. Hy lyk jonk – te jonk om 'n speurder te wees – en 'n bietjie onseker oor presies wat hom te doen staan.

“Toe ek by die Manor uitgekom het, was die deur nog toe.” verduidelik Emily. “Ek het omgestap hier na die voordeur, maar dit was gesluit. Toe ek weer terugloop saam met Bessie … ek bedoel, mevrou Basson … toe staan die agterdeur oop.”

Die jong kaptein kyk vlugtig op in die rigting van die Portwig Manor.

“Gaan jy tans in die Manor tuis, juffrou Landman?” vra hy verbaas.

“Dis reg.”

Hy lag en skud sy kop.

“Wat is so snaaks?” wil sy weet.

Maar hy ignoreer haar. “Hoe laat was dit?”

Sy gaan deur die gebeure van vroeër, maar kan nie onthou dat sy ooit op 'n horlosie gekyk het nie.

“Dit moes so net voor sewe gewees het,” spring Knox haar voor. “Ek was 'n minuut oor sewe hier, en Emily … juffrou Landman hier … um...”

“Ag, wat de hel,” sug Emily. “Julle gaan dit tog uitvind.” Sy leun vorentoe en sê gedemp: “My naam is nie regtig Emily Landman nie. Dis Emily de Milander. Maar ek sal bly wees as ons dit tussen ons kan hou.”

Kaptein Nortje lyk nou opgewerk.

“Om vals getuienis te lewer is 'n ernstige oortreding, dame. As jy nie die waarheid praat nie, is ek by magte om jou op te sluit. Verstaan jy? Watter naam skryf ek nou hier neer?”

“Emily de Milander,” sê sy en Knox gelyk.

Emily gluur hom aan.

“Kyk, kan ons dit diskreet hou? Ek wil nie hê die hele dorp moet...”

“Juffrou Landman?!” roep 'n benoude stem na hulle. Madel Barnard kom haastig oor die straat aangedraf. “Wat gaan aan? Meneer Wesley? Wat het gebeur? Nicola van die haarsalon sê my hier was 'n skietery?”

Kaptein Nortje keer haar voor. “Wag nou, Madel. Dis 'n crime scene dié. Jy kan nie hier inkom nie.”

Sy sit haar hande op haar heupe. “Wat bedoel jy ek kan nie inkom nie, Jason Nortje? Dis my gáste dié! Ek is verantwoordelik vir hulle welsyn! En wie se hotel is dit daar oorkant die pad, hé? Dis reg – myne! Julle kan nie sommer net crime scenes hier opslaan sonder my toestemming nie!”

Kaptein Nortje lyk effens geïntimideerd en Emily kry hom skielik jammer. Hoeveel moorde kan daar nou ook op 'n plekkie soos Portwig wees? Hy is duidelik effens aan die

diep kant ingegooi.

“Dis laat,” sê die kaptein en slaan sy notaboekie toe. “Ons gaan die toneel afkamp en ek gaan vannag twee van my manne hier plaas om seker te maak niemand kom peuter met die crime scene nie. Meneer Wesley en juffrou de Milander – julle moet môreoggend verklarings by die stasie kom afgee. En waar is die man wat die saak ingebel het? Hy moet ook kom.”

Die sersant beduie na die drawwer, nog steeds in sy skamele oefenklere, wat grootoog eenkant op die muurtjie sit.

“Sê vir hom ook,” beveel kaptein Nortje. “Nine o'clock sharp.”

“Ja, Kaptein.”

“Wie's juffrou de Milander?” frons Madel en kyk om haar rond.

Emily sug baie diep en langs haar sien sy Knox se skouer ruk soos hy lag.

Blerrie joernalis!

*

Wonder bo wonder slaap Emily soos 'n klip. Miskien is dit die stilte, die gebrek aan selfoonseine, of net die wete dat niemand dou voor dag by haar kamer ingestorm gaan kom om haar op te jaag vir die een of ander yoga-sessie nie.

Sy word wakker van iemand wat aan haar deur klop toe die sonstrale reeds oor die lappiesdeken op die dubbelbed kruip.

“Ja?” roep Emily en vryf haar gesig.

“Koffie!” kom Madel Barnard se stem van anderkant die deur.

Emily sukkel uit die bed en gaan sluit die deur oop. Sy word beloon deur die heerlike geur vanaf die koppie swart doepa op die skinkbord.

“Lekker geslaap, hartjie?”

“Baie,” sê Emily. “Dankie.” Sy neem die skinkbord by Madel.

“Ek het gedink ek kom klop jou maar op voor jy dalk verslaap. Meneer Wesley is reeds onder in die ontbytsaal en hy sê julle moet oor veertig minute by die polisiestasie wees. Ek dek solank vir jou 'n plekkie. Hoe neem jy jou eiers?”

Eiers? Nie aaklige groen smoothies, rogbrood en rou groente nie?

Haar maag grom. “Um … scrambled. Dankie.”

“Sien jou oor 'n paar minute,” knik Madel. Sy draai om en steek dan vas, draai terug. “Jy lyk skoon anders sonder al die makeup, hartjie, as ek mag sê. Ek sou jou nie herken het nie.”

Emily besluit dat sy dit as 'n kompliment sal neem, ongeag van haar gasvrou se gebrek aan takt.

“Dankie,” sê sy en glimlag.

Maar terwyl sy vinnig die koffie afsluk en wag vir die stortwater om warm te word, bekyk sy haar gesig in die spieël.

“Ek sou jou nie herken het nie...” het Madel gesê. Miskien kon sy al die pette en hoede en sonbrille oor die jare gelos het, en eerder net sonder make-up by die huis uitgegaan het! Sy glimlag by die gedagte aan wat haar voorkomsbewuste ma se reaksie daarop sou gewees het...

Sy stort vinnig, klim uit en vryf haar hare droog. Daar is nie tyd vir droogblaas nie. Dit moet nou maar so klam bly vir nou. Die enigste jeans in haar tas is 'n paar designer jeans met bell bottoms. Sy trek dit aan, en haal dan die wit Adidas sweetpaktop waarin sy normaalweg oefen, uit. Sy trek dit aan en zip dit tot onder haar ken toe.

Sonder grimering gaan sy by die trappe af.

“Kyk wie het besluit om te ontwaak,” spot Knox Wesley toe sy oorkant hom by die tafel gaan sit – bloot omdat dit is waar Madel haar plek gedek het. Sy oë gly oor haar, maar hy sê niks van haar afgeskaalde voorkoms nie. “Lekker geslaap?”

“Dankie, ja,” sê sy kortaf en skink vir haarself lemoensap uit die glasbeker.

Toe sy die glas na haar gesig lig en sy oë oor die rand ontmoet, glimlag hy. “En ek het net so lekker geslaap, dankie dat jy vra.”

Emily gee tydsaam 'n paar lang slukke en sit die glas dan stadig neer. “Dis seker één voordeel van 'n gebrek aan 'n gewete,” sê sy liefies.

Sy oë blink geamuseerd. “So, jy gaan volstaan by jou aanname dat ek hier is om jou te … wat? Af te loer? Steelfoto's van jou te neem? Glo my, ek het beter dinge om met my tyd te doen as om agter underperforming skrywers aan te jaag.”

Emily se mond val oop. “Jou lae luis...”

Hy grinnik net en tel sy koppie koffie op. “Jy's reg. Ek ís 'n lae luis en my kommentaar

oor jou loopbaan is seker ongevraagd. Ek sal myself probeer inhou. Ek weet nie hoekom dit so lekker is om jou siel uit te trek nie... Miskien omdat jy van elke geleentheid moontlik gebruik maak om mý presies te vertel wat jy van mý dink. Hm...” Hy vat 'n sluk van sy koffie. “Wat sê jy ons twee begrawe die strydbyl, en dan gee ek jou 'n lift na die polisiestasie toe netnou?”

Voordat Emily hom kan sê waar hy sy aanbod kan druk, kom Madel binne met haar ontbyt. Roereiers, gebraaide sampioene en drie repies vetterige bacon. “Daar is sout en peper in die potjies,” sê sy. “Ek bring nou jou roosterbrood.”

Knox staan op en strek homself uit. “Wel, laat ek solank gaan klaarmaak,” sê hy. “Geniet die ete, juffrou Landman. Ek kry jou oor so twintig minute in die voorportaal.”

Hy wag nie vir 'n reaksie nie, maar draai om en stap fluit-fluit, hande in die broeksakke, uit.

“Wat 'n aantreklike man!” fluister Madel. “As ek 'n paar jaar jonger was, het ek beslis my pantoffels onder sy bed gaan inskop.” Sy knipoog vir Emily. “Maar dis nog nie te laat vir jóú nie, hartjie.”

Dan draai sy ook om en stap terug kombuis toe.

# HOOFSTUK 6

Vyftien minute later glip Emily by die Portwig Manor se voordeur uit. Daar is geen manier waarop sy 'n lift by Knox Wesley gaan neem nie! Sy is seker dis 'n taktiek van hom om haar te kry om 'n paar details oor haar lewe aan hom te verklap, wat hy dan op die voorblaaie kan gaan uitbasuin.

Die book exchange is steeds afgesper met 'n geel lint en daar staan twee polisiemanne in uniform langs die polisiebussie in die oggendson en koffie drink. Sy draf nader.

“Môre, sersante!” groet sy. “Jammer om te pla. Kan julle my aanwysings na die polisiestasie gee? Ek moet 'n verklaring gaan aflê.”

“Dis twee blokke weg op die hoek van Hoof- en Mintstraat,” beduie die een. “As jy wil, kan jy agter my aanry. Ek is nou net op pad soontoe.” Hy skud die laaste bietjie koffie uit sy take-away cup en beduie na die bussie.

Uit die hoek van haar oog sien sy vir Knox op die Portwig Manor se stoep verskyn, en

sy duik vinnig agter die bussie in.

“Miskien kan ek sommer 'n lift kry?” glimlag Emily, en sonder om te wag vir 'n antwoord, klim sy aan die passasierskant van die polisiebussie in.

Die sersant klim langs haar in en toe hulle 'n wye U-turn maak en voor die Manor verbyry, waai sy liefies vir Knox wat hulle verbaas agternakyk. Sy glimlag by haarself. Sy gaan nie vir haar met 'n slap riem laat vang nie!

“Het julle al enige verdagtes?” vra sy vir die polisieman.

Hy lyk ongemaklik. “Um … nee.”

“Moordwapen?”

Hy kyk vinnig na haar.

“Dis fine,” glimlag sy. “Ek is 'n skrywer. Ek skryf murder mysteries, so ek doen net navorsing vir my boeke. My naam is Emily. Aangename kennis.”

Sy wenkbroue lig. “Murder mysteries!” sê hy. “My ouma is mal oor daai tipe boeke. Ek koop dit altyd vir haar … hét dit altyd vir haar gekoop by die book exchange.”

Hy lyk effens afgehaal by die gedagte dat sy ouma se voorraad van nuwe boeke nou moontlik gaan opdroog.

“So, die moordwapen?” por Emily.

“Um ja, die slagoffer is geskiet in die bors, maar daar was geen wapen op die toneel nie. Ons het net 'n tak van een van die bome langs die lyk gekry, so forensics sal seker vandag daarna kyk.”

Emily sluk. Oeps. Het sy sowaar die ding net daar laat lê?

“Hoekom sou enigeen die ou man wou vermoor?” vra sy.

“Geen idee nie. Oom Doepie is … wás baie geliefd op die dorp.”

“Doepie? Was dit sy naam?”

“Kasper du Plessis, maar almal het hom oom Doepie genoem.”

“Was hy getroud?”

“Sy vrou is 'n paar jaar gelede oorlede, maar sy dogter en haar man woon op Riversdal. Sy gaan vanoggend inkom om sy liggaam te identifiseer.”

Emily skud haar kop. “Arme mens.” Sy sug diep. “Julle kry seker nie baie moordsake hier op Portwig nie?”

“Nope,” sê hy, en sy kan haar verbeel 'n glimlag wil-wil om sy mond gly.

Hulle draai by die polisiestasie se hek in.

“Dankie vir die lift, sersant,” sê Emily toe sy uitklim.

“Enige tyd! Noem my Ben.” Hy glimlag. “Laat weet as ek jou verder kan help met jou boek! Het jy al 'n titel?”

Emily huiwer. “Ek dink nog,” sê sy. “Maar sodra ek weet, sal jy die eerste wees om te hoor, Ben.” Sy waai liefies vir hom en loop dan na die stasie se ingang.

*

Vyftien minute later sit Emily in 'n kleinerige kantoortjie oorkant kaptein Jason Nortje. Haar kort verklaring is uitgeskryf en lê voor hulle op die lessenaar.

“Ek is regtig jammer oor die tak, Kaptein,” sê sy weer. “In al die opwinding moes ek dit daar laat lê het.”

“Dit sou ons heelwat moeite en tyd gespaar het as jy dit gisteraand al onthou het, juffrou de Milander.”

Hy stoot die papier na haar toe uit. “Teken daar,” wys hy.

Sy teken op die lyntjie.

“Ek stel voor dat jy vir die volgende vier-en-twintig uur ten minste op die dorp bly,” sê hy. “Indien ons nog 'n paar vrae het.”

Nie dat sy van plan was om iewers heen te gaan nie. Toe haar foon vanoggend uiteindelik weer sein gekry het, was daar veertien missed calls van haar ma en 'n boodskap van haar agent dat hulle haar dringend soek.

Sy het die foon sommer dadelik weer afgeskakel.

“Ek sal by die Portwig Manor wees as iemand my soek, Kaptein. En as daar enigiets is wat ek kan doen...”

“Moenie enige idees kry nie, juffrou de Milander,” val hy haar in die rede.

“Idees?” vra sy onskuldig, asof sy geen idee het waarvan hy praat nie. Maar die waarheid is dat sersant Ben nie die enigste een is wat hel toe gaan oor hy effens opgewonde is oor 'n regte, egte moord op die dorp nie.

“Jy meng nie in by my ondersoek nie,” waarsku kaptein Nortje. “En jy en daardie

joernalis-boyfriend van jou bly uit my crime scene."

"Eerstens, hy is nie my boyfriend nie," sê Emily liefies. "En tweedens, wat moet ek doen as ek wél 'n idee het? Ek bedoel, sê nou ek dink aan nog iets wat ek vergeet het om te noem."

Hy tik met sy vinger op die verklaring en vra kwaai: "Ís daar iets wat jy vergeet het om te noem?"

"Nee, maar..."

"Dan is ons klaar hier, juffrou de Milander." Hy staan op. "Ek het 'n ondersoek wat wag. Lekker dag."

Sy staan ook op.

Toe sy by die deur uitgaan, kry sy vir Knox in die wagkamer. Hy staan by die toonbank, notaboekie in die hand, en gesels met 'n baie ywerige sersant Ben.

Die ergernis stoot in haar op.

"Kaptein Nortje het gesê jy moet jou neus uit sy ondersoek hou, meneer Wesley," snip sy in die verbygaan. "As so iets enigsins vir jou moontlik is."

Sy lig haar ken en stap by die stasie uit, maar Knox draf agterna.

"So, ons twee is roomies vir nog 'n aand?" grinnik hy. "Ek neem aan jy is ook aangesê om nie die dorp te verlaat nie?"

Sy snork. "Ek hoop nie jy dink dit beteken ek gaan jou nou skielik 'n onderhoud toestaan nie. En ek waarsku jou, as jy enigiets oor my skryf...."

Hy gaan staan en gooi sy hande in die lug. "Vir die soveelste keer, ek is nie hier om 'n storie oor jóú te doen nie! Ek weet dis dalk vir jou ondenkbaar, maar daar is interessanter dinge in die lewe as jóú doen en late."

"Dis 'n understatement..." mompel sy.

"Askies?"

"Niks." Sy loop aan en hy volg weer.

"Kan ek jou 'n lift gee terug na die Manor?"

"Ek gaan nie terug Manor toe nie," sê sy, en sy wonder vlugtig waarheen sy kan gaan wat hy haar nie sal volg nie.

Oorkant die straat sien sy vir Bessie Basson met 'n sakkie kruideniersware by die

Appelliefie Gastehuis se hek inloop.

“Bessie!” roep Emily uit en waai met haar hand.

Die krulkopvrou kyk op, herken haar en waai terug.

Emily draai na Knox.

“Jammer, meneer Wesley, maar ek en Bessie Basson het 'n afspraak vir tee. Ek het geen idee wanneer ek sal terug wees nie. Bye.”

Dan draai sy om en draf oor die straat na die gastehuis waar Bessie vir haar staan en wag, sonder om terug te kyk.

## HOOFSTUK 7

“Dis 'n vreeslike ding wat gebeur het,” sug Bessie terwyl sy vir hulle tee maak in die gastehuis se ruim kombuis. “Arme oom Doepie. Wie sou hom tog nou wou kwaad aandoen? Hy was so 'n liewe ding. Het my altyd kom roep as daar nuwe resepteboeke ingekom het. Hy het geweet hoe graag ek daardeur blaai vir idees. Ek kan nog steeds nie glo hy is weg nie.”

“Wat sal nou van die boekwinkel word?” vra Emily.

“Ek wil met oom Doepie se dogter praat om die voorraad dalk oor te neem. Miskien kan ons dit in die Portwig Rose verkoop. Ek het nog altyd gedink die coffee shop kan doen met 'n boekafdeling. Ons kry baie toeriste en almal stop daar vir koffie.”

Sy gee vir Emily 'n beker tee aan en dan kom sit sy ook by die tafel.

“Ek hoop nie daar is enige hard feelings nie,” sê Emily.

“Waaroor?” vra Bessie verbaas.

“Omdat ek by die hotel oorbly en nie hier nie? Ek het eerlikwaar gedink die Portwig Manor is die gastehuis waarvan Ansie my vertel het!”

Bessie waai met haar hand. “Dis niks,” sê sy. “Hier's genoeg besigheid vir ons almal. Inteendeel, ek sal bly wees as die Manor weer 'n bietjie lewe kry. Dit was 'n pragtige plek in Charles Barnard se dae. Ek dink ek het nog 'n paar foto's hier iewers wat ek vir jou sal wys. Dis so jammer dit het so verwaarloos.”

Emily neem 'n sluk van haar tee. “Charles Barnard? Wie was hy?”

“Die oorspronklike eienaar van die Portwig Manor,” sê Bessie. “Charles het in die laat 1950's uit Engeland gekom en die hotel hier kom oprig. In daai tyd was dit 'n grand plek en mense het van oraloor gekom om in die hotel te kom oorbly! Het jy geweet dat die dorp na die hotel vernoem is, en nie andersom nie?”

Emily skud haar kop. Bessie lyk baie gretig om oor die hotel se geskiedenis te praat. Miskien moet sy vir Knox Wesley sê om eerder met háár te kom praat as hy dan nou kamtig inligting oor die ou geboue soek.

“As ek die storie reg onthou,” sê Bessie, “het Charles die hotel na sy vrou vernoem. Portwig was haar nooiensvan. Sy is jonk oorlede en ná haar dood het Charles sy werk in Londen bedank, en hy en hulle seuntjie het alleen Suid-Afrika toe gekom. Seker om weg te kom van al die herinneringe.”

“Wat het van die seun geword?” vra Emily nuuskierig.

“Volgens die mense hier het James Barnard – dis die seun se naam – maar rondgeval, wat 'n mens seker kan verstaan van 'n kind wat sy ma so vroeg verloor het. Hy het glo baie diep in die bottel begin kyk, tot sy pa se ergernis. Ná Charles se dood het hy die Manor geërf, maar hy het die plek in die grond in bestuur en al sy erfgeld binne 'n paar jaar opgedrink. Op die ou end moes hy en sy vrou die plek sluit en sak en pak teruggaan Engeland toe.”

Emily frons. “Madel se van is ook Barnard, so ek neem aan sy is familie van Charles Barnard?”

“Madel is Charles se kleindogter, sy seun se kind. Dié is blykbaar ook al oorlede, en Madel en haar ma het op welsyn geleef iewers in Engeland. Seker maar dié dat sy besluit het om terug te kom en 'n laaste keer te probeer om lewe in die Manor te blaas. Maar die plek is baie verwaarloos en ek dink nie Madel het die geld om iets daaraan te doen nie. Sy is al amper drie maande lank hier en tot dusver was daar net mooi geen teken van restourasies nie. Sy het nog nie eens die onkruid in die tuin begin uittrek nie.”

“Sy het darem 'n tuinier aangestel,” onthou Emily. “Ek het hom gister ontmoet.”

“Wel, dis seker 'n begin,” sug Bessie. “Ek hoop sy kry iets uitgerig, maar ek moet sê, ek het nie baie hoop nie.”

Emily knik. “Was Charles Barnard 'n argitek? Het hy die plek self ontwerp?”

Bessie frons. “Ek dink nie so nie. Ek verbeel my hy het by boekdrukkers in Londen gewerk voor hulle hierheen gekom het. Oom Doepie het eenkeer so iets genoem. Die

twee van hulle kon glo vir ure lank oor boeke praat."

'n Jongman in 'n wit oorpak kom by die kombuis in. Hy het 'n emmer by hom en laat dink dadelik vir Emily aan Tom Sawyer. Bietjie … scruffy, bruingebrand en taai, met 'n soort veraf kyk in die oë. Hy steek vas toe hy hulle sien.

"O, jammer, ek wou net gou kom water kry. Die buitekraan lek al weer. Ek het hom eers toegedraai."

"Dis oukei, Waldo," sê Bessie. "Jy pla nie. Kom ontmoet vir Emily. Sy is 'n gas by die Portwig Manor."

Tom Sawyer aka Waldo kyk na Emily en sy oë rek. "Die Manor?"

"Ja, toemaar!" lag Emily. "Ek het die storie gehoor. Maar ek kan julle verseker, ek het nog nie een spook raakgeloop nie. Spínnerakke wel..." Sy kyk na Waldo. "Jy is seker Ansie se vriend? Sy het gesê jy werk hier."

Hy knik vinnig en stamel dan. "Jis, jy's mooi..."

Emily se wenkbroue lig en hy word bloedrooi.

"Jammer...!" stamel hy.

"Vir wat?" lag Emily. "Ek kan doen met 'n kompliment! Veral aangesien ek nie 'n steek grimering aan het nie, danksy Madel Barnard se opmerkings oor putty en allerhande goed."

Tom Sawyer weet nie waar om te kyk nie, maar Bessie kom tot sy redding.

"Emily kom nou net van die polisiestasie af," sê sy. "Sy moes 'n verklaring gaan aflê oor oom Doepie se dood. Sy en daai joernalis van die Kaap het gisteraand op die toneel afgekom."

Die outjie kyk vinnig op en Emily verbeel haar daar is skrik in sy oë. "Die joernalis? Meneer Wesley?"

"Ken jy hom?" vra Emily en hou hom ondersoekend dop.

Tom Sawyer lyk nou ongemaklik. Hy trek sy skouers op en kyk weg.

"Is iets fout, Waldo?" vra Bessie.

"Nee, ek dink sommer," sê hy vinnig en draai sy rug op hulle. Hy begin water in die emmer tap.

"Dis 'n vreeslike ding wat gebeur het," sug Bessie, en sy begin weer noem hoe geliefd

die boekwinkel se eienaar op die dorp was, hoe sy nie kan glo hy is weg nie.

Maar Emily hou vir Tom Sawyer dop. Daar is iets wat die outjie nie sê nie. Waarom het hy so vreemd gereageer toe sy Knox se naam noem?

Later, ná tee, toe sy Bessie gegroet het en na die hek loop, sien sy vir Waldo waar hy onder een van die bome gras snoei met 'n skêr. Sy huiwer, loop dan nader.

"Dis rugbreekwerk daai!" glimlag sy.

Hy kyk op en bloos.

"Maar ek moet sê, dit lyk of jy weet wat jy doen," voeg sy by.

Hy antwoord nie.

"Hey, Waldo, kan ek jou iets vra?"

Hy kom stadig orent en vee sy hande aan sy oorpak af.

"Wat?" vra hy onseker en loer na die huis.

Emily glimlag haar mooiste glimlag. "Ek het sommer gewonder of jy iets weet van meneer Wesley wat jy nie daar binne wou sê nie?"

Bingo. Die outjie weet nie waar om te kyk nie.

"Jy sien, Waldo," sê sy sagter, "meneer Wesley wil my graag uitneem … op 'n date, jy weet? Maar ek is … nie seker of ek hom vertrou nie. Ek bedoel, ek ken hom glad nie, en deesdae kan 'n vrou nie te versigtig wees nie. So, as daar iets is wat jy weet, énigiets, sal ek dit waardeer as jy my kan sê. Dis vir my veiligheid, jy weet? Dit bly tussen ons, natuurlik." Sy trek 'n kruis oor haar bors. "Cross my heart."

Tom Sawyer huiwer, kyk weer vlugtig na die huis, en sê dan gedemp: "Meneer Wesley was by die boekwinkel gisteraand. Ek het hom gesien."

Emily frons. "Jy bedoel gistermiddag?"

Hy skud sy kop. "Dit was later. Ná toemaaktyd. Dit was al skemer. Ek het teruggestap van Ansie-hulle se huis af en toe sien ek 'n beweging daar in die book exchange, deur die venster. Die plek was al gesluit, en ek het gewonder wat oom Doepie so laat daar maak. Toe gaan ek nader en kyk deur die venster..."

Emily se hart dawer nou in haar ore.

"Wat het jy gesien?" vra sy.

"Vir meneer Wesley. Hy was in die boekwinkel, besig om rond te krap tussen die rakke.

Dit het gelyk of hy na iets soek, en hy was haastig."

"En jy is seker dit was hy?"

Die outjie knik.

"Het jy vir die polisie hiervan gesê?" vra sy.

Hy skud sy kop. "Dink jy ek moet? Ek bedoel, dink jy dat hy...?"

Emily sit haar hand op sy arm en glimlag gerusstellend. "Ek is seker daar is 'n verduideliking. Ek dink dis net 'n misverstand. Kom ons hou dit vir eers tussen ons, oukei? Laat ek kyk of ek iets kan uitvind. Ons wil nie die polisie onnodig pla terwyl hulle besig is met 'n moordsaak nie."

Kaptein Nortje het mos gesê sy moet haar idees vir haarself hou! En hierdie nuus is groot! Dit gee haar beslis die upper hand oor Knox Wesley, want sy is seker hy het nie in sy verklaring genoem dat hy vóór die moord op die toneel was nie. Sy is seker dis niks, sy verdink hom nie régtig van moord nie, maar die feit dat hy dáár was, is beslis verdag. Sy kan dit dalk gebruik om hom te oorreed om haar storie te laat vaar...

Sy glimlag vir Tom Sawyer, wat haar skepties aankyk. "Moenie bekommerd wees nie," sê sy. "Dankie dat jy my gesê het."

## HOOFSTUK 8

Die entjie se stap het haar tyd gegee om te dink. En hoe meer sy daaroor dink, hoe onrustiger voel sy. Wat presies hét Knox Wesley daardie tyd in die boekwinkel gemaak, en hoe het hy ingekom? Het hy gehoor toe sy vir Madel sê die agterdeur staan oop?

Sy hét aan die polisie genoem dat dit sy was wat die deur oopgelos het, wat vergeet het om oom Doepie daaraan te gaan herinner. Enigeen kon daar ingekom het.

Waarna het Knox gesoek? Het oom Doepie hom dalk daar betrap en toe...?

Maak nie saak hoe min sy van Knox Wesley hou nie, sy kan net nie glo dat hy in staat is tot moord nie. Maar dan, wat weet 'n mens regtig van die mense rondom jou? Een ding is seker, sy moet uitvind wat hy hier op Portwig kom soek het. En as sy enigsins vermoed – énigsins – dat hy iets met oom Doepie se dood te doen het, dan sal sy reguit polisie toe gaan.

Toe Emily die Portwig Manor bereik, sien sy dat die polisie-tape rondom die boekwinkel verwyder is. Een van die sersante is aan diens voor die agterdeur.

Sy gaan by die Manor se trappies op, en toe sy die voordeur oopstoot, skrik sy haar half besimpeld. Die tuinier van gister staan in die portaal, reg voor die trap. Sy slaan haar hand oor haar bors en lag verleë.

"Jammer, jy het my laat skrik," sê sy. "Ek dink nie ek het myself gister voorgestel nie. Ek is Emily." Sy steek haar hand uit, maar hy gluur haar aan.

"Jy kan nie hier bly nie," sê hy.

Effens uit die veld geslaan, laat sak Emily haar hand. "Hoekom nie?" vra sy.

"Dis nie veilig nie. Dis beter om liewer in die gastehuis te gaan bly, voor hier 'n ongeluk is."

Emily kyk hom ondersoekend aan, en besef dan skielik dat die man nie vies is nie, maar dat hy bekommerd is oor haar. Sy glimlag.

"Ek verstaan wat jy bedoel," sê sy. "Die plek is 'n accident waiting to happen. Maar ek verseker jou, ek kyk baie mooi elke keer as ek by die trap opgaan en..."

Hy skud sy kop. "Daar was reeds twee moorde. Jy moet weggaan voor dit te laat is."

Emily staar na hom. "Wag … twéé moorde? Watter twee moorde?"

"Juffrou Landman? Is dit jy?" roep Madel se stem van die kombuis af.

"Hi, Madel!" roep Emily terug. "Ja, dis ek!"

Sy kyk na die tuinier. Sy oë is groot, pleitend.

"Wat bedoel jy, twee moorde?" vra sy sag en dringend. "Wie is nog vermoor?"

"Met wie praat jy, hartjie?" roep Madel weer.

Emily huiwer. Dan tree sy vinnig by die sitkamer in en roep: "Ek kom nou, Madel! Ek is net gou op my foon!"

Sy draai terug, maar die tuinier het reeds by die voordeur uitgegaan. Die deur klap agter hom toe.

Sy sug. Dan stap sy deur kombuis toe. Sy kry vir Madel in die kombuis, besig om kruideniersware in die spens te pak.

"Hoe was dit by die polisiestasie?" vra Madel. "Het hulle al enige leidrade?"

"Ek weet nie," sê Emily. "Ek het maar net gesê wat ek gesien het en ek moes alles

neerskryf."

"Dis vreeslik," sug Madel. "Daai arme man. En om te dink jy en meneer Wesley is nou ook by die gemors ingesleep! 'n Mens probeer 'n goeie indruk op jou gaste maak, en dan gebeur so iets."

"Dis darem nie jou skuld nie, Madel," sê Emily. "En dit het niks met die Manor te doen nie." Sy onthou skielik. "Hoor hier, kan ek dalk nog 'n bietjie aanbly? Die kaptein het gevra dat ek nie nou die dorp verlaat nie."

Madel se gesig helder op. "Natuurlik! Beteken dit meneer Wesley gaan ook bly? Ek het hom nog nie met 'n oog gesien vanmiddag nie."

Emily frons. "Hy is nie hier nie?"

Madel skud haar kop. "Om die waarheid te sê, ek het gedink julle tweetjies is dalk saam, uit op die een of ander romantiese piekniek." Sy knipoog vir Emily.

Emily glimlag floutjies en besluit om nie te antwoord nie.

"Is daar iets waarmee ek kan help?" vra sy dan.

"Glad nie! Gaan rus jy 'n bietjie, hartjie. Ek is seker dit was 'n vermoeiende oggend vir jou. Ek dink ek gaan sommer vir ons sop opsit vir vanaand."

Die gedagte aan aandete herinner haar daaraan dat sy nog nie middagete geëet het nie.

"Sal jy omgee as ek 'n messie leen?" vra sy vir Madel en trek 'n bottermes uit die messegoed-houer. "Ek het Provitas en Bovril in die kamer."

"Enige tyd, hartjie!"

Op pad terug deur die portaal, val Emily se oog op die ontvangstoonbank in die hoek. Sy loer vlugtig oor haar skouer en glip dan agter die toonbank in. Die tweede boksie wat sy oopmaak, is vol sleutels. Elke sleutel het 'n kamernommer op. Daar is twee van elke nommer, behalwe nommer 1 – die kamer waarin sy tans is en … nommer 8. Dit moet dus Knox se kamer se spaarsleutel wees.

Sy vou dit in haar hand toe en glip geluidloos by die trappe op.

Aangesien hy dan nou nie hier is nie, kan sy seker van die kans gebruik maak om te kyk of sy iets kan uitvind. Sy krap nie normaalweg in mense se kamers rond nie, maar as hy dan nou dalkies 'n moordenaar is...

Vir 'n oomblik staan sy voor die deur en luister. Alles is doodstil. Dan lig sy haar hand

en klop saggies. Geen antwoord nie. Versigtig sit sy die sleutel in die slot en draai dit. Die deur sluit oop.

Emily hou haar asem op en maak die deur stadig oop. Sy glip in en trek die deur weer saggies op knip.

Die kamer is soortgelyk aan hare, 'n bietjie kleiner dalk. Die bed is opgemaak en op die bedkassie lê 'n opgevoude koerant en 'n paar los papiere.

Die kamer ruik na hom, na sy skeerroom, en iewers in haar maag wil-wil iets begin fladder.

Stop dit, berispe sy haarself. Die man is heel waarskynlik 'n moordenaar!

Sy gaan nader en blaai deur die papiere op die bedkassie. Dis meestal printouts van koerantberigte oor nuwe boeke wat vrygestel is, oor argitektuur, en dan 'n artikel oor die Britse monargie. Wie sou nou kon dink meneer Beroemde Joernalis is 'n fan van die royals?

Daar is niks wat dui op vuilspel nie, niks wat sy storie oor die ou geboue verkeerd bewys nie. Sy kyk in die kamer rond.

Geen moordwapen nie.

Daar is 'n geluid by die deur en sy vries. Sy hou haar asem op. En dan hoor sy dit duidelik: die geluid van die sleutel in die slot!

Daar is net genoeg tyd vir haar om agter die deur in te duik voordat dit van buite af oopgestoot word.

## HOOFSTUK 9

Emily hou haar asem op en voel versigtig in haar sak vir die messie wat sy in die kombuis gevat het.

Knox kom by die kamer in, sy foon teen sy oor gelig.

"... Ja, ek weet dis 'n gemors," sê hy, "maar dit kon nie vermy word nie..." Hy maak die deur toe, sy rug na haar. Die persoon aan die anderkant sê iets. "Ja, ek is seker ek het al my spore uitgevee."

Emily kan nie glo wat sy hoor nie! Sy voel duiselig. Dis net 'n kwessie van tyd voor hy

omdraai en haar sien. Sy sal eerste moet beweeg, hom onkant moet vang.

Skielik vries hy. Hy kyk na die papiere wat nou deurmekaar op die kussing lê.

“Ek bel jou terug...” sê hy en druk die foon dood.

Daar is nie tyd nie. Emily tree vorentoe en druk die mes teen sy rug.

Knox versteen. “Wat de hel?” mompel hy.

“Sit jou hande waar ek hulle...” begin sy, maar sy kom nie verder nie, want in 'n vinnige beweging wat sy glad nie sien kom het nie, vlieg hy om en ruk haar van haar voete af. Hy beland met sy volle gewig bo-op haar op die bed en vir 'n paar sekondes is haar wind uit. Sy snak na asem en dan begin sy stoei.

“Los my!” Sy stoei, maar hy druk haar vas. “Ek weet wat jy gedoen het, Knox Wesley! Jy het daardie arme ou man vermoor! Jy gaan nie hiermee wegkom nie!”

“Is jy van jou kop af? Waar kom jy aan jou inligting?”

“Ek het my sources,” hyg sy. “En ek gaan die polisie alles vertel!”

Sy wriemel weer, maar hy pen haar vas en forseer die mes uit haar hand. Toe hy sien wat dit is, lig sy wenkbroue.

“Jy wou my hiermee … wat? Doodsméér?”

Emily antwoord nie en stoei weer. Sy gesig is nou naby hare. Toe sy in sy oë kyk, is hulle vol liggies.

“Ek dink dis tyd dat ons praat, juffrou de Milander,” sê hy geamuseerd. “Ek gaan jou nou laat los, maar om hemelsnaam moet my tog nie probeer aanrand met daardie vreeslik gevaarlike bottermessie van jou nie. Oukei?”

Hy rol stadig van haar af. Emily vlieg orent en spring op.

“Ek gaan die polisie alles vertel wat ek weet!”

“En wat is dit nogals?” Hy beduie na die stoel in die hoek van die kamer. “Sit eers. Kom ons gesels. Ek kan nie dat jy hier uithardloop en jou naam gaan gat maak omdat jy nie jou feite reg het nie. Ek sal myself nooit vergewe nie.”

Sy gluur hom aan. Dan gaan sit sy teësinnig.

“Jy het vyf minute...”

*

“Soos jy reeds weet, is ek 'n joernalis,” sê Knox. “Maar wat jy dalk nié weet nie, is dat ek 'n redelike goeie een is.” Hy glimlag toe sy haar oë rol. “Mense bel my met hulle leidrade, die sake waar hulle dalk self voor toe deure te staan gekom het, maar waar ek, met my kontakte by die polisie en ander instansies, dalk 'n bietjie kan gaan rondsnuffel. Soms lei die leads na niks, ander kere...”

“So, laat ek raai, jy is nie hier vir die ou geboue nie. Big shocker.”

Hy grinnik. “Nee, nie vir die ou geboue nie en, glo dit of nie, ook nie om oulike rooikop-skrywers te stalk nie.”

Sy gluur hom aan, maar haar wange word warm onder daardie kyk.

“'n Week gelede het ek 'n e-pos ontvang van 'n Kasper du Plessis...” sê hy.

“Dis … Oom Doepie?”

Knox knik. “Hy't gevra of ek hom kan kom sien oor die een of ander rare boek wat hy glo in sy besit ontdek het. Hy was baie geheimsinnig, maar het gesê dat die boek baie geld werd is en dat hy dit nie in die verkeerde hande wil laat beland nie. Ek was geïnteresseerd, maar ek was in die middel van 'n ander storie, en ons het afgespreek dat ek oor twee weke sou deurkom Portwig toe. Twee dae gelede het ek egter 'n oproep van oom Doepie ontvang. Hy het baie ontsteld geklink en hy het onsamehangend gepraat. Hy het gesê dat daar meer aan die storie is as wat hy vermoed het, en dat hy nou vrees vir sy lewe.”

“Wát?” Emily se oë rek.

“Hy het glo dreigemente ontvang. 'n Briefie onderdeur die boekwinkel se deur wat gesê het die persoon weet hy het die boek, en wat hom gewaarsku het om niks daarvan vir iemand te sê nie. Wie ookal dit was, wou hê oom Doepie moes hom om middernag by die brug buite die dorp ontmoet en die boek oorhandig.”

Emily frons. “Ek neem aan hy het nie gegaan nie?”

“Nee,” sê Knox. “Hy't mý gelukkig eers gebel en ek kon hom oortuig dat dit nie 'n goeie idee was nie. Nou, in retrospek … ek moes hom seker gesê het om polisie toe te gaan, maar...”

“Jy wou die scoop hê...” maak Emily sy sin vir hom klaar.

Knox staar voor hom uit. “Ek was vas oortuig daarvan dat iemand hom net die skrik op die lyf wou jaag. Jy sal nie glo hoeveel sulke oproepe ek kry nie.” Hy sug. “Ek het belowe dat ek die volgende dag sou deurkom – dit was gister – en dan kon hy vir my die hele

storie vertel en ons kon saam besluit wat hom te doen staan. Ons sou by die Portwig Rose Coffee Shop ontmoet."

Emily voel meteens verleë. "So, jy was nie daar om my...?"

Hy frons effens en dan helder sy oë op toe begrip registreer. "Daai waitress wat my koffie omgestamp het! Dis die oudste trick in die boek! So, dit was 'n diversion? Oor jy gedink het ek stalk jou? Ek het nie eens geweet jy is daar nie. Om die waarheid te sê, ek het nie eens geweet jy is op Portwig voor ek jou hier in die gang raakgeloop het nie."

Emily se wange gloei rooi, maar sy probeer ongeërg lyk. "Hoe moes ek dit geweet het? Het jy enige idee hoeveel van julle mans probeer om my in 'n hoek te druk om 'n storie uit my uit te kry?"

"Is jy seker dís hoekom hulle jou in 'n hoek wil druk?" vra hy en glimlag effens. "Want ek kan aan 'n paar ander redes dink..." Die manier waarop sy oë op hare rus, laat haar maag 'n backflip maak.

Emily draai haar gesig weg dat hy nie moet sien hoe sy bloos nie. "Gaan jy my nou sê wat gebeur het, of gaan jy nonsens praat, meneer Wesley?" kap sy terug. "Want ek oorweeg dit steeds om polisie toe te gaan."

Die glimlag verdwyn. Hy sug en stoot sy hand deur sy hare.

"Ek weet nie wat gebeur het nie," sê hy. "Maar ek raai iets het hom laat koue voete kry. Ek het oom Doepie by die boekwinkel kom sien, maar hy het net gesê dat ek my nie meer oor die boek moes bekommer nie, dat hy 'n fout gemaak het. Dit was toe nie regtig so waardevol nie. Nou, ek weet mos wanneer iemand my 'n storie probeer spin, so toe besluit ek om vir 'n dag of twee rond te hang en te probeer uitvind wat aangaan. Maar voordat ek dit kon doen, is hy vermoor."

Emily frons en skud dan haar kop. "Onskuldig soos jou storie klink," sê sy, "ek het 'n ooggetuie wat jou net voor die moord in die boekwinkel gesien het. Jy was besig om na iets te soek."

"Wie was dit?" vra hy verbaas.

Emily antwoord nie.

Hy sug. "Dit maak seker nie saak nie. Ja, ek wás daar. Ek is nie trots daarop nie, en dis hoekom ek dit nie in my verklaring genoem het nie. Maar ek het gehoor toe jy vir Madel sê dat die boekwinkel se agterdeur moontlik nie gesluit was nie, en toe het ek besluit om 'n bietjie te gaan rondsnuffel. Ek was skaars vyf minute daar toe ek 'n geluid by die voorste

venster hoor en besluit het om maar liewer spore te maak. Ek het in elk geval geen idee gehad waarna ek soek nie."

"Is jy weer by die agterdeur uit?" vra sy.

Hy knik. "Maar ek het dit nie gesluit nie. Net toegetrek. So, enigeen kon ná my ingekom het."

Emily huiwer. "Volgens Tom Sawyer … um … my ooggetuie, moes dit rondom sesuur gewees het. Waarheen is jy toe?"

"Ek het 'n ent deur die dorp gaan stap."

"Hmm. Alleen?"

"Jaloers, juffrou de Milander?" glimlag hy.

Emily frons kwaai. "Ek bedoel, kan iemand jou storie bevestig?"

Hy dink so 'n bietjie. "Ek het vir 'n ruk staan en gesels met een van die boere, Williams, wat ek in die kafee raakgeloop het." Hy glimlag weer. "Hy het my herken aangesien ek so 'n groot celebrity hier rond is..."

Sy gluur hom aan. "Moenie dink ek gaan nie jou storie opvolg nie."

"Ek sou niks minder van 'n murder mystery skrywer verwag nie."

Sy mik vir die deur.

"Kan ek jou iets vra?" keer hy.

Sy draai terug. "Nee."

"Off the record."

Sy sug en rol haar oë.

"Is enigiets met julle ouens ooit off the record?"

"Daar was 'n verandering in jou skryfwerk, in jou styl, reg in die middel van jou tweede boek – *Blood At Sunset*. En daarna … dis asof jy daarna net bolangs begin skryf het. Ek het gewonder of daar iets gebeur het."

Dis asof hy sy vinger op 'n oop senuwee neersit, en voor sy dit kan keer, kook sy oor.

"Wil jy regtig weet wat gebeur het, Knox Wesley? Géld het gebeur. Deadlines. Bemárking. Ek was reg in die middel van *Blood At Sunset* toe ek die grootste kontrak van my lewe losgeslaan het. Op daai stadium het ek gedink dit was die antwoord op my gebede. Nou weet ek van beter. So, om jou vraag te beantwoord, dis reg in die middel van

*Blood At Sunset* waar ek my siel weggeteken het. Tevrede? Sit dít in jou koerante en kyk of hulle dit wil publiseer."

Hulle kyk mekaar stil aan.

Dan lig sy haar hande. "Ek's jammer... Ek moet gaan." Sy mik weer na die deur.

"Hoekom vat jy dit nie terug nie?" vra hy.

Sy draai weer na hom. "Wat?"

"Hoekom vat jy jou siel nie terug nie?"

Sy kyk hom 'n oomblik lank stil aan.

"Want ek is nie seker of dit nog daar is nie," sê sy sag.

En voordat hy nog iets kan sê, loop sy uit.

## HOOFSTUK 10

Haar ma se skerp stem weergalm in haar oor hier waar Emily op die Portwig Manor se voorste trappies in die donker sit.

Dit was 'n fout om haar ma terug te bel. Sy moes dit geweet het. Maar daar was 41 boodskappe toe sy haar foon vroeër aangeskakel het, en haar gewete het haar begin pla. Toe het sy besluit om vanaand gou in haar pajamas af te kom en op die stoep te kom bel – die enigste plek waar daar 'n behoorlike sein is.

Die Portwig Manor is stil. Knox is vroeër vanaand al uit – wie weet waarheen – en Madel het kom groet en gesê dat sy kamer toe gaan vir die aand.

"Ek het nie bedoel om iemand te ontstel nie, Ma," sê Emily vir die soveelste keer. "Soos ek in my briefie gesê het, ek wou vir net 'n paar dae wegkom."

Haar ma se stortvloed van verwyte begin weer van voor af.

"Ek moet gaan, Ma. Ek bel julle later weer. Die sein hier is nie lekker nie."

*"Waar is hier?"*

"Bye, Ma."

Sy druk die foon dood en kom agter dat haar hande bewe van die inspanning.

Toe sy omdraai en by die voordeur instap, vang 'n beweging in die sitkamer haar oog.

Die lamp in die hoek is aan, en sy sien 'n figuur effens gehurk agter die een stoel sit. Hy vroetel met iets op die vloer.

“Hallo?” sê Emily.

Die man kyk vinnig op en sy skrik toe sy hom herken. Dis die tuinier. Hy skuif 'n los vloerplank vinnig in plek.

“Wat doen jy?” vra sy.

Die man kom orent en vir 'n oomblik wonder Emily of hy op haar gaan afstorm.

“Pasop,” sê hy dan net en wys na die vloer. “Hier is oral los planke.”

Voordat sy hom kan keer, draai hy om en stap deur kombuis toe.

Versteen bly Emily staan.

Dit voel asof die ou hotel se leë vertrekke rondom haar asemhaal. Sy wil omdraai en kamer toe gaan, maar iets krap aan haar. Sonder dat sy presies weet hoekom sy dit doen, stap sy nader. Sy kyk af na die los vloerplank wat die man so vinnig in plek gestoot het, en dan, versigtig, hurk sy en druk aan die plank.

Die een kant van die hout lig en sy skuif die vloerplank stadig oop.

Wat sy verwag het om te sien, weet sy nie. Maar toe sy die pistool daar in die donker gat onder die vloer sien lê, word haar hele lyf yskoud.

Sy staar daarna. Is dit...?

Emily trek die mou van haar truitjie oor haar hand om nie enige vingerafdrukke te versteur nie en lig dan die pistool versigtig uit die gat. Dis swaar, die metaal koud. Sy bekyk dit in die lig.

Is dit die pistool waarmee oom Doepie geskiet is? Waar kry die tuinier dit? Beteken dit hy...? Of het hy dit iewers gekry en dit hier kom wegsteek?

Sy moet dit by die polisie kry. Met 'n bonsende hart skuif Emily die plank weer in plek en maak spore uit die sitkamer met die pistool in haar hand. Sy klim vinnig by die trappe op. Haar hand bewe só dat sy skaars haar kamerdeur kan oopkry.

In die kamer kyk sy vir 'n oomblik rond. Op die lessenaar lê die pak boeke wat sy gister gekoop het nog net so in die plastieksak.

Sy loop nader, tel die sak op en skud die boeke dan met die een hand op die bed uit. Sy gaan sit, plaas die pistool versigtig in die plastieksakkie en vou dit toe.

Dan val haar oog op die stapel boeke.

Het sy nie vyf Agatha Christies gekoop nie? Nou is daar ses.

Sy sprei die boeke uit op die bed en bekyk dit, maar besef dan dat die een boek nie 'n Agatha Christie is nie. Dis 'n boek deur 'n onbekende skrywer genaamd Albert Windsor. Die titel is *Monsters and Maidens*, en aan die vergeelde illustrasie van die skramsgeklede, welbedeelde meisie op die voorblad, kan sy sommer sien dat dit een van daai goedkoop sleazy boeke is.

Hoe het dit in haar sakkie tussen die Agatha Christies beland?

Sy onthou wat oom Doepie gesê het: “On the house...” Miskien het hy die boek gratis vir haar bygesit?

Sy maak die boek oop. Alhoewel dit oud is en die bladsye vergeel, lyk dit nie asof die boek al gelees is nie. Die papier is nog styf en glad, die vou van die boek nog nie oopgedruk nie. Iets val uit tussen die blaaie.

'n Papiertjie.

Emily tel dit op en vou dit oop. Daar is 'n paar woorde, geskryf in blou ink:

***As enigiets met my gebeur, vra vir Llewelyn Masters.***

Sy staar daarna en voel hoe haar lyf yskoud word.

Llewelyn Masters is die speurder in haar derde boek! Dit kan tog nie toevallig wees nie? Het oom Doepie die nota vir háár gelos?

Gedagtes maal nou deur haar kop. En hoe meer sy daaroor dink, hoe meer besef Emily dat dit nie toeval kan wees nie. Hierdie boek is met opset geplant in haar sakkie met die hoop dat sy dit sou kry. Wie anders as sý, die skrywer, sou met die eerste oogopslag weet wie Llewelyn Masters is!

Oom Doepie het geweet wie sy is. Het hy nog 'n dreigement ontvang, bang geraak en vir haar 'n geheime boodskap in die boek versteek met die hoop dat sy dit sou ontsyfer indien iets met hom sou gebeur?

Iets hét met oom Doepie gebeur! Hy is vermoor, skaars 'n paar uur nadat hy die boek met die boodskap in haar sak versteek het!

***… vra vir Llewelyn Masters.***

En meteens tref dit haar, só duidelik dat sy steier! Daar moet 'n eksemplaar van haar derde boek, *Lord of Death,* in die book exchange wees! Oom Doepie het iets daarin

versteek! 'n Leidraad, dalk, oor wie hom vermoor het!

Emily vlieg orent. Sy is nou só opgewonde dat sy bewe soos 'n riet. Sy moet die boek gaan soek!

Wat van die pistool? Sy kan dit nie net hier los nie. En sy moet iemand laat weet waar sy is, net ingeval iets gebeur. Sy tel haar foon op, maar natuurlik is hier geen sein nie.

Sy huiwer en dan kry sy meteens 'n idee.

Sy druk die sakkie met die pistool onder die bed se matras in. Die boek met die briefie ook. Dan trek sy die laslappiedeken weer reg. Sy skeur 'n stukkie papier uit een van haar haar nuwe skryfblokke en skryf vinnig daarop, by gebrek aan 'n meer oorsponklike idee, dieselfde woorde:

***As enigiets met my gebeur, vra vir Margaret Dunn.***

In haar eerste boek, die eerste en enigste storie wat regtig die moeite werd was om gepubliseer te word (Knox was reg), steek een van die karakters, Margaret Dunn, die moordwapen onder haar matras weg.

As Knox Wesley sy sout werd is, sal hy dit uitfigure.

Sy trek die kamerdeur agter haar toe en druk die briefie vinnig onderdeur Knox se kamerdeur.

As hy die moordenaar is, besef sy skielik, dan is sy nou screwed... Dié gedagte wil haar laat giggel, maar dis heel moontlik net senuwees.

Of opwinding.

Want meteens weet Emily so seker as wat sy hier staan, as sy hierdie uitstappie oorleef, gaan sy hierdie presiese toneel in haar volgende boek inwerk.

Dis genius.

*

Dit was verbasend maklik.

Daar was niemand in die donker straat nie, niemand wat Emily oor die muurtjie sien klim het nie. Die boekwinkel se agterdeur was weer gesluit, maar die venster langsaan het op 'n skrefie oopgestaan. Dit was asof dit bestem was.

Dit was daardie destydse 'inbreek' as kind by haar pa se tuin-studeerkamer wat vanaand weer by haar opgekom het toe sy haar arm deur die oop venster gesteek en gevind het dat sy die sleutel aan die binnekant in die slot kan bykom.

Wanneer haar ouers middagslapies geneem het, het sy skelmpies by die verbode tuin-studeerkamer se venster gaan inklim deur haar arm deur die oop venster te stoot en die venster se knip te lig. Dan het sy die ewe verbode tikmasjien onder die rak uitgetrek, dit oopgemaak, en skelm haar stories gesit en tik tot sy weer stemme in die huis gehoor het.

Alles is stil in die boekwinkel toe sy die agterdeur geluidloos oopstoot en inglip. Sy druk die deur weer saggies toe en vind haar pad op haar tone tussen die boeke op die vloer deur. Sy kry die vertrek met die kontemporêre Suid-Afrikaanse fiksie, een van die vertrekke waarby die 'soeker' nie uitgekom het nie, want die boeke is steeds netjies in rye op die rak.

Onder 'D' kry sy haar naam. Net een boek. *Lord of Death.*

Met bewende hande trek Emily dit uit die rak en slaan dit oop. 'n Pakkie papiere val uit – twee printouts van artikels. Beide uit Britse aanlynkoerante.

***DID GEORGE VI WRITE A NOVEL?*** *sê die een.*

Emily scan vlugtig deur die artikel, en hoe meer sy raaklees, hoe verder kruip die hoendervleis oor haar vel.

Die artikel gaan oor 'n 'urban legend' dat Koning George VI 'n werk van fiksie geskryf het voordat hy in 1936 koning geword het, en dat die boek deur 'n uitgewer aanvaar is vir publikasie. Blykbaar was die onderwerpe in die storie maar redelik omstrede, en die kwaliteit van die storielyn swak. Die boek sou net gepubliseer word as 'n geldmaak-foefie, aangesien die skrywer een van die lede van die Royal Family was...

Emily frons. Sou oom Doepie hierdie boek opgespoor het? Bestaan dit regtig? Sy onthou meteens die artikel tussen Knox se papiere oor die Britse monargie. Het hy reeds iets hiervan vermoed?

Hoendervleis kruip oor haar vel. Sy lees verder.

Volgens die legende het die Britse Royal Family die storie betyds gestop. Die omstrede boek het nooit die lig gesien nie. Die uitgewer is tot stilte gedreig, of omgekoop, en alle eksemplare van die boek is in die fabriek vernietig voordat dit versprei kon word.

Of so het almal gedink.

Die artikel beweer nou dat daar één kopie van die boek nog bestaan. 'n Eerste kopie

wat een van die destydse werknemers van die uitgewery moes gaan deurkyk vir foute. Die boek was dus nie in die fabriek toe die ander vernietig is nie.

Maar dit kon nooit bewys word dat daar so 'n boek bestaan nie, en dit het nooit iewers opgeduik nie.

Daar is 'n ou foto van koning George en onderaan staan: *King George VI took the throne in 1936 when his brother abstained from the crown. He changed his name from Albert to George.*

Emily trek haar asem in en voel hoe die vloer onder haar kantel.

Albert Windsor!! Die naam op die boek onder haar matras! Kan dit wees? Is *Monsters and Maidens* die enigste oorblywende eksemplaar van 'n boek wat koning George VI geskryf het?

Maar hoe op aarde het dit hier beland? In Portwig se book exchange?

Sy lig die tweede artikel en lees die opskrif.

**ELDERLY WOMAN MURDERED**

Dis 'n onlangse artikel, gepubliseer sowat drie maande gelede. 'n 66-jarige dame is in haar woonstel in een van die armer dele van Londen gevind, verwurg. Haar dogter wat by haar gewoon het, was ten tyde van die moord uit. Daar is kontant gesteel en die polisie het huisbraak vermoed.

Langs die artikel is 'n foto van die ma en dogter. Emily staar daarna en toe haar brein skielik sin maak van wat sy sien, trek sy haar asem in. Sy lees weer deur die artikel. Die ouer vrou se naam was Rory Barnard, 'n weduwee wat in die 80's van Suid-Afrika na Londen verhuis het saam met haar enigste dogter, Madel...

Het Bessie nie gesê Madel het drie maande gelede teruggetrek Portwig toe nie? Dit moes dus net ná die dood van haar ma gewees het.

Korreksie, die móórd op haar ma. Wat vir Madel die enigste oorblywende erfgenaam van Charles Barnard maak. Die erfgenaam van die Portwig Manor en alles daarin.

Al Charles Barnard se boeke ook...

Daar is 'n geluid agter haar in die deur en Emily vlieg orent. Maar dis te laat. 'n Donker voorwerp swaai met 'n sagte fluitgeluid deur die lug en tref haar teen die kant van haar kop.

Alles word donker.

*

Haar kop pyn en toe sy daaraan raak, is haar vingerpunte nat. Emily kreun en probeer om die vorms voor haar in die donker uit te maak.

Sy lê op haar rug.

"Waar is dit?" vra 'n bekende stem, maar in 'n onbekende, koue stemtoon.

"Madel...?"

En meteens kom alles terug.

Oom Doepie het Albert Windsor aka Koning George VI se boek ontdek, heel moontlik tussen die stapel boeke van sy vriend, Charles Barnard, wat destyds ná Charles se dood aan die boekwinkel geskenk is.

Want toe het niemand geweet van die waardevolle skat in hulle midde nie.

"Jy weet waar dit is," sê Madel. Sy staan dreigend nader en pluk aan 'n swaargelaaide boekrak reg bokant Emily. Die rak kantel gevaarlik vooroor.

"Madel!" keer Emily. "Moenie!"

"Waar is dit?!" skree Madel. "Waar is my boek?!"

"Ek weet nie," jok Emily. "Maar ek kan jou help soek... Ons kan saam soek."

"Dis nie hier nie," sê Madel. "Te danke aan jou wat die agterdeur vir my oopgelos het, het ek gisteraand reeds deur elke moontlike boekrak in die plek gegaan voordat daai ou man my hier betrap het. Wie weet wat hy hier kom soek het daai tyd van die aand. Hy het my gedreig, gesê hy gaan polisie toe."

"En toe skiet jy hom?" vra Emily. Sy probeer orent kom, maar haar kop pyn en haar ruggraat wil nie saamwerk nie.

Madel lag – 'n honende, bitter lag.

"Almal dink altyd die slegste van die Barnards," sê sy. "My pa is in armoede dood, my ma ook, en dít terwyl hier 'n boek was wat ons skatryk kon maak! My oupa moes die waarde van die boek geken het! Hy was immers die een wat dit doelbewus al die jare weggesteek het hier in een van sy rakke in Portwig! En tog het hy my ouers niks daarvan gesê nie, nie 'n dooie woord nie! En toe het hy al sy boeke aan die simpel boekwinkel bemaak? Vir wat? Het hy regtig gedink ek sal nie uitvind nie?"

“Hoe hét jy uitgevind van die boek, Madel?”

“Kasper du Plessis het begin stir, natuurlik! Die idioot het die boek ontdek hier in die winkel en die naam herken. Miskien het hy en my oupa destyds hieroor gepraat, wie weet. Hy het begin rondvra, e-posse gestuur. En een van daai e-posse het by die verkeerde ouens in Londen beland. Hulle het een middag voor ons deur opgedaag met 'n storie oor 'n boek wat in my oupa se besit was, 'n klomp vrae gevra, o.a. oor wat van my oupa se boekversameling geword het. My ma het natuurlik van niks geweet nie, arme ding, maar ek het twee en twee bymekaar getel en die spoor gevolg, reguit na Portwig toe. En ek het besef die boek moet hier tussen al hierdie rommel wees. Ek het besef dat, as ek eerste daarby kon uitkom, dit my skatryk kan maak.”

“En toe vermoor jy jou ma?”

Madel kyk verbaas na Emily. “Jy sê dit so asof dit niks was nie, asof dit niks van my gevra het nie. Het jy enige idee hoeveel moed en dapperheid dit vat om jou eie been af te sny, of jou eie arm, net sodat jy kan vry wees? Jy het geen idee in watter haglike omstandighede ons geleef het ná my pa se dood nie, hoe ons moes smeek by die familie vir geld. Die woonstelletjie was al wat ons besit het – 'n aalmoesie wat my ma se ouers destyds vir ons nagelaat het. En ek moes 'n vliegtuigkaartjie kry. 'n Manier om terug in Suid-Afrika te kom.”

Emily staar na haar.

“Toe vermoor jy jou eie ma... Sê my, Madel, was die tweede moord makliker?”

Toe sy die woorde sê, onthou sy meteens wat die tuinier die vorige dag in die portaal vir haar gesê het.

*“Daar was reeds twee moorde...”*

“Jou tuinier!” sê Emily. “Hy het geweet! En hy't my probeer waarsku!”

Madel frons, skud dan haar kop en trek weer woes aan die boekrak dat dit gevaarlik oorhel.

“Hou op om my te probeer distract! Jy weet waar die boek is! Jy en Doepie is kop in een mus! Ek het dit geweet die oomblik toe ek jou hier sien – vir jou en daai joernalis! Ek het geweet Doepie het julle laat kom oor die boek, en toe het ek geweet om julle nie onder my oë te laat uitgaan nie! En ek was reg! So, sê my, wáár is dit?!”

“Madel, nee!” keer Emily toe 'n paar boeke uit die rak gly en op haar bors val.

“Sê. My. Waar. Dit is!”

"Soek jy dalk hierna, Madel?" vra 'n stem in die deur.

Madel vlieg om.

Knox!

En hy het die boek in sy hand! Hy het haar boodskap gekry! Hy weet alles!

Emily slaak 'n sug van verligting, maar die volgende oomblik pluk Madel hard aan die boekrak en, asof in slow motion, sien Emily hoe dit kantel. Die boeke reën op haar neer en sy hoor haarself gil. Die reuserak kom soos donker slagystertande op haar af.

Daar is 'n steekpyn in haar enkel, en dan is daar 'n harde slag van hout teen metaal. Die rak stop letterlik sentimeters van haar gesig af in die lug.

Met die rak hier bo-oor haar, kan Emily niks sien nie. Sy hoor 'n gestoei in die kamer, 'n paar krete, en dan 'n gedempte slag. Iets swaars wat vloer toe val.

Nog stemme, voetstappe, flitsligte.

"Madel Barnard, jy is onder arres..."

"Help!" skree Emily. "Ek is hier!"

Vier pare sterk hande lig die boekrak van haar af op en Emily knip haar oë in die verblindende lig van die flitse. Toe iemand haar orent help, skiet die pyn in haar enkel op, maar sy gee nie om nie, want die iemand ruik lekker. Sy bors is warm en sterk toe sy haar kop daarteen laat sak.

"Ek het haar," sê Knox. "Ons sal regkom. Kry daai vrou hier uit."

Hy het my... dink Emily. Hy het my.

En sy slaak 'n diep sug van verligting.

## HOOFSTUK 11

Knox het met haar in sy arms bly sit tot die ambulans opgedaag het. Die swaar boekrak se val is gekeer deur die klein metaalkluisie teen die een muur en die paneelverwarmer teen die ander. Dit het haar van gewisse pannekoekstatus gered, en haar net met 'n erg verstuite enkel daarvan laat afkom.

Teen die tyd dat die polisie haar verklaring afgeneem het, was kaptein Jason Nortje reeds in verbinding met die geheime diens in Engeland – iets wat Knox se redakteur tog te

gretig was om te help reël. Die waardevolle boek was veilig in Portwig Polisiestasie se kluis toegesluit al het niemand, behalwe Emily en Knox en sy redakteur, 'n idee gehad waarom dit so waardevol is nie.

Madel Barnard is gearresteer vir die moord op Kasper du Plessis, en sal heel moontlik ook deur die Britse polisie aangekla word vir die moord van haar ma, in die lig van al die nuwe inligting.

Knox het sy redakteur eksklusiewe reg op sy storie belowe, op voorwaarde dat Emily de Milander se naam uit die koerante gehou word. Die waarheid oor die waardevolle boek sal heel moontlik nooit die lig sien nie, want die laaste eksemplaar is deur die Britse Geheime Diens gekonfiskeer en het moontlik reeds in Buckingham Palace se kaggelvuur beland.

Ná die aand in die boekwinkel het Bessie Basson vir Emily en Knox elk 'n kamer in die Appelliefie Gastehuis aangebied totdat hulle toestemming kon kry om terug te keer Kaap toe. "On the house," soos oom Doepie sou sê.

Hierdie reëling het twee nagte geword, en gedurende hierdie tyd het 'n storie op die dorp begin loop dat Emily Landman eintlik Emily de Milander is, en dat sy nogals bekend is in literêre kringe.

Die dorpsmense het dit bespreek en besluit om haar geheim te bewaar.

*

"Wat maak ons hier?" vra Knox Wesley toe hy en Emily in die stil voorportaal van die Portwig Manor staan.

Nadat die polisie hulle albei vanoggend toestemming gegee het om Portwig te verlaat, moes Knox vinnig oppak om terug te kom in die Kaap vir 'n volgende storie. Emily het besluit om nog 'n paar dae te vertoef totdat haar enkel heeltemal reg is. Daar was ander redes ook...

Sy het Knox vanoggend gevra om haar hier by die Manor te kom aflaai op pad Kaap toe en hy het aangedring daarop om saam met haar in te kom.

"Ek wou darem net kom kyk of die plek nog staan," sê Emily. Sy vee liggies met haar vingerpunte oor die muurpapier.

"Emily de Milander," sê Knox en hy gee 'n tree nader tot hy voor haar staan. Sonder haar hoëhakskoene is hy amper 'n kop langer as sy. Hy kyk af na haar, sy gesig nou sentimeters van hare. 'n Warm tinteling trek deur haar lyf.

“Ja?” glimlag sy.

Sy oë soek oor haar gesig en sy mondhoeke wil-wil krul.

“Wat maak ons hier?”

“Ek het 'n voëltjie hoor fluit dat die Manor opgeveil gaan word,” sê sy. “En soos jy reeds weet, is ek 'n suksesvolle skrywer met sakke vol geld waarvoor ek geen werklike nut het nie. Dink jy nie hierdie plek sal 'n uitstekende writer's retreat maak nie?”

Hy kyk verbaas na haar.

“Jy beplan tog nie om dit te koop nie...? Die plek val uitmekaar!”

Sy glimlag en kyk op in sy mooi oë. “Ek beplan, meneer Wesley, om my siel weer terug te vat.”

Vir 'n oomblik kyk hy net na haar, dan laat sak hy sy gesig na hare en die wêreld gaan staan stil. Maar voordat hulle lippe kan raak, stop 'n Volkswagen Beetle raserig voor die hekkie in die straat en sy bestuurder toet hard.

Knox vloek saggies, sy mond steeds naby hare. Emily giggel en hy staan 'n tree terug toe Bessie Basson se vrolike stem voor in die straat opklink.

“Joehoe, julle tweetjies!”

Knox sug. “Wat maak sy hier?” vra hy.

“Ek het haar gevra om my 'n lift terug na die gastehuis te gee,” glimlag Emily, haar hormone steeds soos 'n swerm bye in haar lyf. “Aangesien jy in die Kaap moet kom.”

Bessie kom by die trappies opgedraf.

“Ek hoop nie ek het iets onderbreek nie!” sê sy tergend, effens uitasem.

Knox en Emily kyk na mekaar.

“Niks wat nie later reggestel kan word nie,” sê hy. Dan kyk hy op sy horlosie. “Wel, ek moet ry, anders vang ek die verkeer. Tot siens, Bessie, en weereens dankie vir alles.”

“En ek hoop ons sien jou gou weer op Portwig,” sê Bessie en skud sy hand.

“Ek dink so,” sê Knox. Hy kyk om hom rond na die verwaarloosde interieur van die Manor, en draai dan na Emily.

“Tot siens, juffrou de Milander.” Dan leun hy nader en soen haar op haar wang. Met sy mond naby haar oor fluister hy: “En as ek jou weer sien, gaan ek jou behoorlik soen.”

Dan tree hy terug en knik vir hulle voordat hy omdraai en by die voordeur uitstap. Hulle

kyk hoe hy by die trappies afgaan, by die hek uitgaan, en in die rigting van sy motor verdwyn.

Sy gaan hom mis, besef Emily, skielik bewus van 'n effense seer wat in haar bors kom lê en die dowwe seer in haar enkel uitdoof.

“Kom ons kry jou van daai voet af,” sê Bessie. Sy steek haar arm deur Emily s'n. “Dit lyk my jy kan doen met 'n stuk Bitterbessie Blues, of hoe? Wat van ons stop by die Rose vir koffie op pad gastehuis toe?”

“Klink na 'n plan,” sê Emily.

Met die omdraaislag vang haar oog 'n portret teen die muur bo die trap – 'n portret wat sy nou in die sonlig wat deur die oop voordeur kom, vir die eerste keer behoorlik sien.

Sy gaan staan en frons.

“Wie is daai?” vra sy en wys na die portret.

“O, dís Charles Barnard,” glimlag Bessie. “Die oubaas homself.”

Emily staar na die portret van die man wat sy tot nou toe nog gedink het is die tuinier. Die man wat dertig jaar gelede oorlede is.

**DIE EINDE**

(vir nou)

Lees nou Boek 2 in die *Bitterbessie Blues*-reeks:

***KINKEL IN DIE KABEL***

Emily de Milander sien uit na 'n romantiese week saam met die aantreklike joernalis uit die Kaap, Knox Wesley. Maar dan daag haar ex-verloofde ongenooid by die Portwig Manor op en krap dinge deurmekaar. Dit blyk egter gou dat daar meer agter die storie steek, en toe 'n wildvreemde man se liggaam in die Manor opduik, bevind Emily haarself weereens kniediep in 'n real life murder mystery! Maar kan sy die moord oplos én haar dinge tussen haar en Knox regtrek? Want om agter moordenaars aan te snuffel in 'n spokerige ou hotel, was beslis nie één van hulle se idee van 'n romantiese tydjie nie.

Kry “Kinkel in die kabel” hier:
https://www.amazon.com/Kinkel-kabel-Bitterbessie-Blues-Afrikaans-ebook/dp/B0CR83CRMB

## Die skrywer

ANNA EMM is 'n Suid-Afrikaanse skrywer wat tans in London woon. Sy het al meer as 3,000 kinderstories geskryf, 21 liefdesverhale, 38 novellas, 5 spanningsverhale, en verskeie kortverhale en verhoogproduksies. In Suid-Afrika het sy dikwels op televisie en radio gepraat het oor die terapeutiese waarde van stories.



Gebore Anna Margriet Strydom, het die skrywer gewildheid verwerf onder die pennaam, Anna Emm. Onder die vaandel van haar eie onhafhanklike uitgewery, Anna Emm Produksies, het Anna duisende oorspronklike kinderstories geskryf en op luisterstories op CD vervaardig. Tydens 'n televisieonderhoud in 2019 het Anna egter erken dat die kinderstories eintlik bloot toevallig gebore is uit haar jare as laerskoolonderwyseres, en dat dit nie noodwendig haar voorkeur-genre is nie. Inteendeel. sy sien haarself as 'n veelsydige storieverteller wat eintlik ewe gemaklik is in amper enige genre, en soos 'n verkleurmannetjie aanpas by die ouderdom en omstandighede van haar lesers.

**Vir meer inligting oor Anna Emm en haar boeke, besoek**
**[www.AnnaEmm.co.uk](http://www.AnnaEmm.co.uk) of kontak [admin@annaemm.co.uk](mailto:admin@annaemm.co.uk)**